


# Mense vra vrae,

# God antwoord


## deur Sy Woord

Deur Sendeling
Ewald Frank

# DIE 70 JAARWEKE VAN DANIËL




# DIE BYBELSE TYD-INDELING




***"Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die HERE soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag"***

# Mense vra vrae,

# God antwoord

## deur Sy Woord

**Deur Sendeling**
**Ewald Frank**

Die skrywer behandel verskeie bybel-temas, wat vertaal is in tientalle verskillende tale en is sodoende ‘n blywende seën vir baie oor die wêreld.

Talle preke deur William Branham, was ook deur die sending-sentrum in Krefeld getransskribeer en gedruk, waarvan ons graag vir u 'n gids sal stuur op versoek.

U sal verbaas wees deur wat die getroue HERE en Verlosser vir ons voorberei het betreffende die geestelike voedsel.

Die eerste naweek van elke maand word die preke gelyktydig in meer as twaalf tale vertaal, waarvan meer as sewe regstreeks oor die internet uitgesaai word. Kontak besonderhede:


In Duitsland (Engels of Duits):
Mission-Zentrum
Postfach 100707
D-47707 Krefeld.
Deutschland.

Telefoon:
+49-2151-545151

E-pos:
volksmission@gmx.de oder
E.Frank@freie-volksmission.de

In Suid Afrika:
Br. Cecil Golden
Posbus 76222
Lynnwoodrif
Pretoria, 0040. RSA

Telefoon:
+27-73-631-7762

E-pos:
cecil.golden@gmail.com

Internasionale tuisblad:
http://www.freie-volksmission.de


Vir leesstof in Afrikaans en enkele ander Afrika-tale, besoek:
http://www.misia.sk


Eerste Duitse Uitgawe — September 2006

Eerste Afrikaanse Uitgawe — Februarie 2022



©Kopie-reg word voorbehou deur die skrywer, Ewald Frank.

# VRAE WAT GERIG WAS AAN BROEDER EWALD FRANK DEUR PREDIKERS VAN VERSKEIE LANDE

***En 'n dienskneg van die HERE moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen*** (IITim. 2: 24-26).

Hierdie daarlegging gaan oor lewe en dood. In die Woord het ons die lewe; in die interpretasie is dood. Elke interpretasie is 'n strop wat deur die duiwel gemaak is en om mense se nekke gesit word. Hy trek dit nie altyd onmiddellik styf nie, maar hy hou mense gevange, om in sy wil te wees, soos die inleidende bybelteks dit deeglik en duidelik stel.

Noudat ek al meer as 'n halfeeu in die bediening is, het God se genade 'n sekere vertroue by baie broeders regoor die wêreld ingeboesem. Hulle het erken dat God my daartoe bestem het om die ewige boodskap van verlossing aan die volkere van hierdie wêreld te bring. Na Broeder Branham se bediening, is dit nou my verantwoordelikheid om die ware Woord, tesame met alle getroue dienaars, met die mense te deel. Maar soos dit was in die dae van ons HERE, in die tyd van die apostels en profete en te alle tye, so is dit ook nou: daar is dinge, *"waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai"* (IIPet. 3:16). Al die interpretasies het baie verdeeldheid en 'n groot leerstellige verwarring veroorsaak, ook binne die "eindtyd-boodskap" geledere. Predikers wat werklik omgee vir die HERE se volk, is nie bereid om dit langer te verdra nie en het my gevra om die verskillende leerstellige punte uit te klaar. Alle ware kinders van God het die reg om die antwoorde te ken, wat op die Skrif alleen gebaseer is.

Ek het Broeder Branham persoonlik geken en was 'n ooggetuie van sy uitsonderlike bediening. In Augustus 1955, het ek vir 'n week lank aan sy byeenkomste deelgeneem. Sedert September 1958, het ek die preke wat hy in die VSA gehou het, op band aan my laat stuur en dadelik begin om dit in Duits te vertaal. Tydens ’n persoonlike gesprek in Desember 1962, het ek vir Broeder Branham gesê dat ek deur oorfone na sy preek luister en dit dan terselfdertyd in Duits vir die gehoor vertaal. In 1963 het hy duidelik dit onthou en daaroor gepraat:

> “Die bandbediening is ‘n wêreldwye ding, oral. Ek bedoel dit is ‘n manier hoe God die boodskap deur die heidense lande terug versprei, waar dit vertaal moet word. En in Duitsland, ensovoorts, het hulle die bande gekry en na hul byeenkomste van honderde en honderde mense geneem. Hulle sit dan klein (oorfoontjies) in hul ore en speel dan die band. Net soos ek nou hier staan en praat, staan die prediker dan voor die honderde mense en weergee wat hy hoor op die band in daardie taal, met dieselfde stemtoon. Regoor die wêreld word honderde so gered en gesond, net deur die bande wat gespeel word. Dit is alles in Engels, maar word in baie verskillende tale van die wêreld vertaal (Europa), selfs in stamtale (Suid-Afrika); so verneem ons deur die briewe wat ons van hulle kry” (uittreksel uit die preek, “TESTIMONY”, Shreveport, LA, 63-1128).

Dit is duidelik dat Broeder Branham hiermee verwys het na Sidney Jackson van Suid-Afrika en na my, want ons was die enigstes wat sy preke destyds vertaal het.

In die afgelope 47 jaar het ek nie net een keer nie, maar wel verskeie kere al sy preke geluister, dit gelees en vertaal. Dus kan ek sê dat ek die “eindtyd-boodskap” ken, soos byna niemand anders nie. Net so is ek van my jeug af vertroud met die Woord van God, die Heilige Skrif. Wat my die diepste geskok het toe ek die vraelys wat aan my gegee was deurgegaan het, is dat so min predikers gevra het: “Wat sê die Skrif?”, want die antwoorde wat ek daarop moet gee, kan slegs wees volgens die geskrewe Woord van God; dit is wat vir ewig bly (Jes. 40:8; IPet. 1:23).

Vraag 1: Wat is u houding vandag teenoor Br. Branham se bediening?

Vraag 2: Wat is die eintlike bewoording van die opdrag wat William Branham gekry het?

Vraag 3: Wat is u oortuiging aangaande die “eindtyd-boodskap”?

Vraag 4: Korrigeer u die profeet op sekere punte?

Vraag 5: Wat is u Absoluut, die Bybel of die boodskap?

Vraag 6: Leer u anders as wat Broeder Branham geleer het?

Vraag 7: Glo u in die opening van die sewe Seëls?

Vraag 8: Is die sewende Seël ook geopenbaar?

Vraag 9: Glo u dat Openbaring 10, verse 1-7 vervul is?

Vraag 10: Glo u dat Broeder Branham die sewe donderslae geopenbaar het?

Vraag 11: Waarom het Broeder Branham oor die Derde Trek gepraat in verband met die sewe donderslae?

Vraag 12: Waarom het Br. Branham herhaaldelik verwys na Openbaring 10, vers 7?

Vraag 13: Glo u in die bediening van 'n agtste boodskapper?

Vraag 14: Glo u in die ‘Parousia’ lering?

Vraag 15: Het die Seun van die mens volgens Lukas 21, vers 27, alreeds gekom?

Vraag 16: Wat van u bediening? Is dit in die Bybel bevestig?

Vraag 17: Preek u uit die predikinge van Broeder Branham?

Vraag 18: Wat is die geestelike voedsel, Broeder Branham se preke of die Bybel?

Vraag 19: Wie sal die Gemeente van die laaste dae aan die HERE voorstel?

Vraag 20: Hoe reageer u op dit wat oor u gesê word?

Vraag 21: Het Broeder Branham poligamie geleer?

Vraag 22: Wat leer u oor die huwelik en egskeiding?

Vraag 23: Hoe staan die saak met die familie van 'n dienskneg van God?

Vraag 24: Wat van die boek, "The Seven Church Ages"?

Vraag 25: Was die tydsduur van die kerk-eeue aan Broeder Branham onthul?

Vraag 26: Het Broeder Branham geprofiteer dat die wêreld in 1977 sal eindig?

Vraag 27: Het Broeder Branham 'n kalender gesien wat in die jaar 1977 geëindig het?

Vraag 28: Is die Doop van die Heilige Gees dieselfde as die Wedergeboorte?

Vraag 29: Wat van die tentvisioen van Broeder Branham?

Vraag 30: Kan iets wat Broeder Branham in 'n visioen gesien het, onvervuld bly?

Vraag 31: Hoe vergelyk Israel en die Gemeente?

Vraag 32: In watter tydvak leef ons nou volgens God se verlossingsplan?

Geliefde broeders in die HERE,

Dierbare kinders van God,

Ek wil dit uit die staanspoor duidelik maak dat 'n lering nie toegepas kan word op 'n enkele Skrif nie. Dit word glad nie gevestig op 'n enkele uitspraak, wat deur die HERE, 'n apostel of profeet gemaak is nie. Dit is 'n goddelike moet, dat alles op twee of drie getuies, op twee of meer skrifgedeeltes (Deut. 19:15), gevestig moet wees. Ons het nie '*n* evangelie nie, maar vier Evangelies, wat mekaar aanvul, as bevestiging en tot voltooiing. As iemand, byvoorbeeld, nie die sendingsbevel in sy geheel neem, soos in Matthéüs 28, verse 18-20; Markus 16, verse 15-20; Lukas 24, verse 33-53 en Johannes 20, verse 19-31, geskryf staan nie, dan het so iemand dit nie heeltemal verstaan nie. En wie nie Handelinge 2, vers 38 en al die ander plekke waar hierdie sendingsorde uitgevoer word, kan erken nie, het nog steeds nie volle insig oor hierdie onderwerp nie.

Wie regtig alles oor die geboorte, lewe, bediening, lyding en sterfte, ook oor die opstanding en hemelvaart van ons HERE wil weet, moet al vier die evangelies lees. En wie graag wil weet dat onse HERE Sy dissipels ná die Opstanding vir veertig dae geleer het oor die koninkryk van God, nog voordat Hy hemel toe gegaan het, moet Handelinge 1: 1-3 lees. Daarin vind ons wat nie in die vier Evangelies staan nie, bv. dat onse HERE op 'n wolk die hemel ingeneem is (Hand. 1:9). In vers 11 word vertel dat Hy liggaamlik sal terugkeer op dieselfde manier as wat Hy opgeneem is (Luk. 24: 50-51). In IJohannes 3 staan, dat ons, *“as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is”* Amen!

Wie ookal oor die bekering van Paulus, oor sy sending en oor sy bediening ingelig wil wees, moet nie net Handelinge 9 lees nie, maar ook hoofstukke 22 en 26, om 'n geheelbeeld te kry. En dan selfs IKorinthiërs 15, verse 1-11, want dit was Paulus — nie Petrus nie — wie berig het dat die HERE Jesus ná Sy opstanding op ‘n keer aan meer as 500 broeders verskyn het.

Uit al hierdie voorbeelde is dit duidelik dat dit nie genoeg is om net *een* bybelgedeelte te gebruik nie, maar om alles daarby in te sluit wat tot dieselfde onderwerp behoort.

Dit geld ook vir wat die apostel Paulus in IIKorinthiërs 11, verse 1-4, geskryf het: Toe Satan, die ou slang, Eva verlei het, het hy net een woord bygevoeg in Genesis 3, vers 1, by wat God die HERE in Genesis 2, vers 16 aan Adam gesê het, naamlik die woord "nie". So het hy hulle dus onder sy direkte invloed gebring en haar gevange geneem onder sy wil. Die vyand sit sy argumente altyd voort oor onderwerpe wat die HERE reeds voorheen behandel het, maar hy hou nooit by die presiese bewoording nie — nooit by die waarheid van die oorspronklike Woord nie. Daar staan geskrywe: *"Van **al die bome** van die tuin mag jy vry eet ...".* Die vyand het twyfel gesaai en gesê: *"Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag **nie** eet van al die bome van die tuin nie?".* Die byvoeging van een enkele woord by wat God self gesê het, was die giftige byt van die slang. En so het die eerste paartjie afgeskei geword van God en daarmee was die ganse mensdom prysgegee aan die dood. Eerstens saai die Seun van die mens die goeie saad van die oorspronklike Woord, en die vyand volg dan altyd onmiddellik daarna en saai sy eie saad van teenstrydigheid, deur middel van interpretasies (Matt. 13). Dit is hoe hy mense vang en hulle sodoende aan sy wil onderwerp. Dit gaan nou daaroor om bevry te word van die duiwel se strikke, en om teruggebring te word na die wil van God.

Deur die byvoeging en die verkeerde interpretasie van 'n enkele stelling, is die verleiding aanneemlik gemaak vir menslike redenasies. Daarom moet die waarskuwing vervat in Openbaring 22, verse 18-19, om nie by die profesies in die Woord by te voeg of daarvan weg te laat nie, absoluut ernstig opgeneem word. Andersins is die gevolge vir ewig onomkeerbaar. Met elke onderwerp is daar slegs een ware antwoord op elke bybelse vraag, gestaaf vanuit verskeie gedeeltes. Eie interpretasies is altyd die werk van die vyand,

wat die resultaat is om van die boom van kennis te eet. Dieselfde geld vir die vele verskillende leringe binne die “eindtyd-boodskap”. **As ons alles terugneem na die Skrif, vind ons daarin die een ware antwoord, en so word alle misverstande uitgeskakel**. Die aandag van alle predikers en alle gemeentes moet weer in ooreenstemming gebring word met, en in volle respek fokus op die Woord van God, wat die enigste absoluut in die hemel en op aarde is. Broeder Branham se langste preek, nl., “THE SPOKEN WORD IS THE ORIGINAL SEED” (“Die Gesproke Woord is die Oorspronklike Saad”), van 18 Maart, 1962, wat meer as 6 uur lank was, toon duidelik aan, hoeveel waarde hierdie man van God toegeskryf het aan die Woord van God. *“Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is daar geen lig in hulle nie”* (Jes. 8:20 —King James weergawe).

Daar is weliswaar moeilike stellinge in die Woord van God en ook in die boodskap, byvoorbeeld toe onse HERE destyds gesê het, soos in Matthéüs 10, vers 23 vervat is: *“… julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie”*, of in Markus 9, vers 1: *“Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die koninkryk van God met krag sien kom het nie”*. Sulke uitsprake moet in die regte konteks van die heilsgeskiedenis en in die vervulling daarvan gesien word. Die wet en die profete was tot met Johannes (Luk. 16:16). Vanaf daardie tyd word die koninkryk van God verkondig. Op Pinksterdag het dit met krag deurgebreek, soos voorheen deur Johannes die Doper in Matthéüs 3, vers 2 en onse HERE in Matthéüs 4, vers 17, aangekondig is: die Gemeente was in die lewe geroep en die opgestane HERE kon in ‘n verheerlikte vorm daarin wandel. In Openbaring 1 het Johannes die Seun van die mens gesien wandel in Sy heerlikheid in die midde van Sy Gemeente, wat vir ons voorgestel word deur die sewe goue kandelaars.

Die apostel Paulus het homself ingesluit toe hy gesê het: *"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word"* (IKor. 15:51). Ons verwag nou die vervulling daarvan. Die apostel Petrus het gewaarsku daarteen om die moeilik-verstaanbare woorde wat Paulus geskryf het in die Heilige Skrif, te verdraai (IIPet. 3: 15-16). Net so moet niemand dit waag om lering te gee oor die moeilik-verstaanbare stellings van Broeder Branham nie. Hy het byvoorbeeld gesê:

> "En wanneer die seëls gebreek is en die verborgenheid is geopenbaar, dan kom die engel af, die boodskapper, Christus, met die reënboog oor Sy kop en plaas Sy voete op land en see. Onthou: met hierdie koms is die sewende engel op die aarde".

Broeder Branham was op aarde, toe die 'Engel van die Verbond' Homself in die bonatuurlike wolk geopenbaar het. Aanhaling:

> "Daardie groot Verbondsengel, daardie Een wat saam met Moses in die woestyn was, daardie Een wat na Paulus toe gekom het op die pad na Damaskus, dieselfde Een het toegelaat dat Sy foto saam met ons geneem word; dieselfde Een wat nou die dag in die Life-tydskrif foto was; dieselfde Woord, deur dieselfde God ..." ("CHRIST IS THE MYSTERY OF GOD REVEALED", bl. 85, par 629).

Hy het ook gesê:

> "En hier kom Hy terug in die 10de hoofstuk, ná die tyd van die Koms".

Wat beteken die gesegde "ná die tyd van die Koms?". Watter koms word bedoel? En wat beteken dit: "... En hier kom Hy terug in die 10de hoofstuk, ná die tyd van die Koms", ens., ens.? 'n Bietjie later sê Broeder Branham:

> "Hy het 'n Bruid uit die heidene geneem en sal haar hiervandaan in die paleis gaan sit, na die huis van Sy Vader in Heerlikheid, vir die bruilofsmaal en sal daarvandaan wegglip om Homself aan Sy broers, die 144,000, bekend te maak".

Prediker, slaan asseblief ag op die verskillende uitsprake en plaas dit in die korrekte konteks waarvoor dit bedoel is, en hou op om u eie meninge daaroor te gee! Weet dat geen skrif, geen uitsprake van die apostel Paulus of Broeder Branham, privaat-interpretasie toelaat nie. God is Sy eie uitlegger; Hy waak oor Sy Woord om te vervul wat Hy belowe het. God se volk moet ook ophou om die baie interpretasies te glo wat in omloop is. Die Bruidgemeente moet nou, hier na aan die koms van die Bruidegom, heeltemal in pas gebring word, in volkome harmonie en eenheid; in ooreenstemming met elke Woord van God. Die uur van besluit is hier.

**Vraag 1: Wat is u houding vandag teenoor Broeder Branham se bediening?**

Antwoord: Ek glo in William Branham se goddelike roeping en sending, of dit nou verwys na 11 Junie 1933, 7 Mei 1946, of enige ander bonatuurlike ervaring. Die hoofpunt van wat in 1933 aan hom gesê was, is dat die boodskap wat aan hom toevertrou was, Christus sou voorafgaan, soos ons dit wêreldwyd vervuld gesien het die afgelope 40 jaar.

Broeder Branham het in die ervaring op 7 Mei, 1946, twee bonatuurlike tekens ontvang, soos dit aan die profeet Moses gegee was (Ex. 4: 1-9), waarmee die gehore op 'n bonatuurlike manier van sy goddelike opdrag oortuig kon word. Honderd-duisende het die eerste teken in die laat 1940's aanskou, met die pasiënte wat hul eie siektes kon sien het, bv. ‘n gewas, kanker, ens., op die agterkant van Broeder Branham se hand, wat verdwyn het die oomblik wanneer die genesing gebeur het. Die beste getuies wie ek persoonlik ontmoet het, was Eerw. Gordon Lindsay en sy vrou, wie my vertel het dat gedurende die byna drie jaar wat hulle verskeie kere saam met Broeder Branham gereis het, hulle hierdie gawe herhaaldelik aan die werk gesien het.

Miljoene was getuies van die tweede bonatuurlike teken, bekend as "die teken van die Messias", in die 1950's en 1960's (verwys na die April 2005 Omsendbrief). Ek het self ook gesien wat gebeur het in hierdie buitengewone bediening, in Broeder Branham se byeenkomste in Europa en in die VSA. As gevolg van my persoonlike ervaring, kan ek voor God en alle mense getuig van die onfeilbaarheid van die profetiese gawe wat God aan hom geskenk het. Broeder Branham se bediening was bybels en goddelik bevestig. Deur hom is miljoene siele na Christus gebring en duisende is genees en verlos vanweë hulle geloof.

**Vraag 2: Wat is die eintlike bewoording van die opdrag wat William Branham gekry het?**

Antwoord: "SOOS JOHANNES DIE DOPER GESTUUR WAS OM DIE EERSTE KOMS VAN CHRISTUS VOORUIT TE LOOP, SO SAL DIE BOODSKAP WAT AAN JOU GEGEE WORD, DIE TWEEDE KOMS VOORUITLOOP".

Dieselfde woorde het ongeveer veertig keer uit die mond van Broeder Branham in verskillende preke gekom. Ongelukkig was die bewoording gewysig na die volgende weergawe en selfs later aan die binnekant van die voordeur van Broeder Branham se huis in Tucson gekerf: "Soos Johannes die Doper gestuur was om die eerste koms van die HERE vooruit te loop, so word jy gestuur om die tweede koms vooruit te loop".

Niemand het die reg om so 'n verandering aan te bring nie. Daardeur word die oorspronklike opdrag, dat dit die boodskap is wat die tweede koms van Christus vooraf sal gaan, dus ontken! Wie dit doen impliseer dat Broeder Branham meer as veertig keer gelieg het, dws, elke keer toe hy die oorspronklike bewoording weergee het, naamlik

dat *die boodskap* die tweede koms van Christus sal voorafgaan. Hy het selfs benadruk:

> "… nie dat ek die voorloper sal wees nie, maar die boodskap sal die voorloper wees" ("TESTIMONY", Puerto Rico, 10 Februarie, 1959).

Wie praat nou die waarheid? Die manne wie Broeder Branham persoonlik geken het, of William Branham, wie die HERE persoonlik geken het? Wat motiveer hierdie broeders om ander te mislei en geestelik aan húlle siening te bind? Hulle wys op die verlede en ook na die vermeende toekomstige bediening van die profeet, maar ignoreer wat God teenwoordiglik doen.

**Vraag 3: Wat is u oortuiging aangaande die "eindtyd-boodskap"?**

Antwoord: Ek glo met my hele hart en met my hele siel die ware Woord van God soos dit deur Broeder Branham onder die term "eindtyd-boodskap" verklaar word. Soos die apostel Johannes, kan ek ook sê: *"En dit is die boodskap wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig ...".* Ek glo die goddelike boodskap is 100% in ooreenstemming met die geskrewe Woord. Die boodskap is die geopenbaarde oorspronklike Woord van God, met al die beloftes wat aan die Gemeente van Jesus Christus gegee is. Ek glo egter nie enige van die verskillende interpretasies en weergawes wat deur sommige broeders voorgestel word en dan die "eindtyd-boodskap" genoem word nie. Dit wat van God kom, is altyd binne die perke van die Woord en veroorsaak nooit verdeeldheid nie. inteendeel, dit bevorder die eenheid van die ware getroues in elke stad, in elke land en wêreldwyd.

**Vraag 4: Korrigeer u die profeet op sekere punte?**

Antwoord: Hoe kan ek dit waag om die onfeilbare profetiese bediening te korregeer! Maar as ek leerstellige uitsprake vind, bv. meer as sewentig verskeie uitsprake oor die sewe donderslae en ook verskeie uitsprake oor ander onderwerpe, wat hy in sy preke op verskillende tye gemaak het, dan het ek geen ander keuse as om uit die Woord van God advies te neem nie. In antwoord op 'n bybelse vraag, kan ek net een korrekte antwoord gee. Die verskillende uitsprake maak dit duidelik dat dit nog steeds nie ten volle geopenbaar was nie en dus nog nie korrek georden kon word nie.

Ons sien sy perfekte profetiese bediening, wat op visioene wat hy gesien het gebaseer was en ons het ook sy bediening as evangelistiese prediker geken. Ons erken ook dat hy in groot verwagting was op die magtige dinge wat God op die punt was om te doen. William Branham was die beloofde profeet wat volgens Maleági 4, verse 5-6, voor die Wederkoms van Jesus Christus, alles weer in orde bring, soos onse HERE self gesê het in Matthéüs 17, vers 11 en Markus 9, vers 12. Dit was hy wat die harte van God se kinders teruggebring het na die oorspronklike leerstellings van die apostoliese vaders, want deur sy bediening moes alles in die Gemeente van Jesus Christus herstel word, sodat die Gemeente tot die goddelike heilsorde teruggebring kon word. Die profete het alles aangekondig soos dit deur die apostels en leraars, volgens God se plan van verlossing georden is. Ons moet die besluit van God, wie die verskillende bedieninge vir die opbou van die Gemeente daargestel het, respekteer (Efé. 4: 7-16, ens.). Nou eers kan al die los punte op die

regmatige wyse, volgens die goddelike patroon, saamgevoeg word.

**Vraag 5: Wat is u absoluut, die Bybel of die boodskap?**

Antwoord: Wat ‘n vraag! My absoluut is dieselfde as Broeder Branham s'n: die Woord van God, wat vir ewig bly. Hy het die Bybel in Sy hand geneem, dit voor die hele gemeente opgelig en gesê: “Dit is my absoluut!”. Basies is hierdie vraag sinneloos, want die ware inhoud van die boodskap is die geopenbaarde Woord van God, wat die hele plan van verlossing van die begin tot die einde van tyd insluit, veral, natuurlik, die beloftes vir ons tydperk. Daarom is die boodskap die Woord van God en die Woord van God is die boodskap. Enigeen wat twee dinge daarvan maak, word bedrieg en is dus nie deel van die goddelike orde van verlossing nie. Predikante wat na Broeder Branham verwys en enigiets anders leer as wat die Skrif getuig, maak van homself 'n valse profeet en toon daardeur hul algehele minagting vir die Bybel. Hul vermeende “openbaringe” word as blote dwaasheid onthul.

**Vraag 6: Is u leer verskillend van Broeder Branham s’n?**

Antwoord: U kan die indruk kry dat ek heel verskillend leer, maar, soos reeds genoem, sal by nadere ondersoek gevind word dat ek altyd met die gesamentlike Woord van God in ooreenstemming moet wees. Ek is in besitting van al sy preke en het dit geluister, daarom ken ek al die verskillende uitsprake wat hy gemaak het aangaande ‘n onderwerp.

Byvoorbeeld, as Broeder Branham met betrekking tot die “jaarweke”, veral in die reeks oor die “SEVENTY WEEKS OF DANIEL” praat van ‘n sewe-jaar tydperk en selfs die hele gemeente laat hardop herhaal het: **“One week equals seven years”**

("Een week is gelyk aan sewe jaar") — en dan weer van net drie-en-'n-half jaar praat, word ek gedwing om die Woord van God, as die heel 'laaste instansie' te laat geld. As hy die tydperk tussen die wegraping en die oprigting van die Duisendjarige Koninkryk in gedagte gehad het, het hy van sewe jaar gepraat. As hy praat van die bediening van die twee profete wat vir die Jode bedoel word, noem hy drie-en-'n-half jaar. Dit is nie genoeg, om net woorde te herhaal as dit kom by lering gee nie, ons moet dit in die regte konteks, volgens die profetiese Woord bring. Luister gerus na sy volgende verklaring:

> "Die oomblik wanneer Hy daardie sewentigste week, oftewel die laaste sewe jaar begin, is die Gemeente weg. Kan julle dit sien, vriende? Steek u hand op as u dit kan sien ... Die oomblik wanneer Hy die sewentigste jaarweek, die sewe jaar begin, is die Gemeente weg. Luister nou, ek sê dit weer en herhaal dit, sodat julle dit nie vergeet nie. Dit is wat die Heilige Gees deur my pen aangegee het om te skryf ..." (bl. 38, par. 189-192, "SEVENTY WEEKS OF DANIEL").

In die boek "THE REVELATION OF THE SEVEN SEALS", lui vraag 18 (63-0324M), op bl. 440, as volg:

> "Wanneer word die verbond, waarna verwys word in Daniël 9, vers 27, bevestig vir 'n week?"

Die antwoord lui:

> "Die helfte van die verbond is gesluit toe Jesus Christus op aarde was en aan die Jode gepreek het".

Hier het Broeder Branham net herhaal wat andere voorheen gesê het. Maar kom ons kyk mooi na wat eintlik in Daniël 9, verse 24-27, geskryf staan, waar die sewentig jaarweke drievoudig opverdeel word, naamlik 7 + 62 + 1. Die SO SPREEK DIE HERE

in die Skrif oor Christus, die Messias, lees soos volg: *“En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word ...”*. Dit het vir ons aan die kruis op Golgota plaasgevind. Direk daarna lees ons in die tweede deel van vers 26: *“...en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes ...”.* Dit verwys na Titus, wat met sy Romeinse leër Jerusalem en die tempel in die jaar 70 na Christus vernietig het. Ons lees die volgende in vers 27 oor die antichris – nie oor Christus nie: *“En hy sal een (jaar)week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die (jaar)week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees ...”.*

Onse HERE het 'n ewige verbond met ons gesluit deur die bloed van die verbond wat Hy aan die kruis op Golgotha gestort het (Matt. 26:28; Mark. 14:24, onder andere). As jy byvoorbeeld die C.O.D.-volumes, met die 431 vrae en antwoorde lees, sal jy vind dat Broeder Branham die een ding sowel as die ander in verskillende preke gesê het. Die Skrif getuig dat die Messias Sy lewe sou verloor ná die twee-en-sestig jaarweke en die sewe jaarweke wat dit vooraf gaan (Dan. 9:26). Die eerste deel van hierdie vers hou duidelik verband met Jesus Christus, die Messias; die tweede deel met die Romeinse vorste. Daniël 9:27 praat uitsluitlik van die antichris en die sewejaar-lange verbond van Israel, waarvan hier gepraat word, sal 'n "Verdrag van Rome" wees oor Jerusalem. In die eerste helfte van die sewentigste week van jare, sal die twee profete hulle bediening uitvoer (Openbaring 11); in die tweede helfte, nadat die verbond verbreek is, regeer die antichris met brutaliteit vir twee en veertig maande en voer hy oorlog met die heiliges (Openb. 13: 1-10).

Tydens hierdie vervolging word die Joodse martelare gedood onder lyding, as vervulling van die tweede deel van die vyfde seël (Openb. 6: 9-11). Dit is volgens die SO SPREEK DIE HERE in Sy Heilige Woord!

**Vraag 7: Glo u in die opening van die sewe Seëls?**

Antwoord: Ja, ek glo dat die seëls bonatuurlik oopgemaak was. Broeder Branham het persoonlik aan my gesê in Desember, 1962, dat hy die gesin in Januarie, 1963, sal verhuis vanaf Jeffersonville na Tucson. Hy was in 'n visioen gewys om onmiddelik na Arizona te verhuis, die oomblik sy voorheining op die grasperk gelê word en konstruksie masjinerie op en af in die straat werskaf met padbouwerk, waar hy destyds in Ewinglaan gewoon het. Ek het toe die genoemde padwerke met my eie oë gesien, ook die heining wat op die grasperk gelê was. Op 22 Desember, 1962, het Broeder Branham ‘n visioen gehad oor die verskyning van ‘n bonatuurlik-beligte wolk en het daaroor gepraat in sy preek op 30 Desember. Op 28 Februarie, 1963, het Broeder Branham die opdrag vanuit die bonatuurlike wolk ontvang om terug te keer na Jeffersonville vir die oopmaak van die Seëls.

**Vraag 8: Is die sewende Seël ook geopenbaar?**

Antwoord: Wie die preke oor die sewe seëls aandagtig luister of nalees, sal vind dat Broeder Branham elke keer die hele teks van elke seël in die boek Openbaring gelees het, met die uitsondering van die sewende seël: daar het hy net die eerste vers in hoofstuk 8 gelees, wat gaan oor die halfuur van stilte in die hemel. Hy het die sewende seël aan 'n aantal verskillende gebeure gekoppel. En hy het gepraat van die einde van die gemeentelike tydperke, van

die einde van die trompette, van die einde van die skale van grimmigheid, tot met die einde van al hierdie dinge. Wie ookal die teks in Openbaring 8 vanaf vers 2 verder lees, sal leer van die sewe engele wat voorberei om die sewe trompette te blaas.

Daar is die sewe engele van die sewe gemeentes (Openbaring, hoofstukke 1-3).

Dan is daar die sewe basuin-engele (Openbaring, hoofstukke 8-11).

En dan is daar die sewe engele wat hul sewe skale grimmigheid uitgiet (Openbaring, hoofstukke 15 en 16). Dit moet alles in hul goddelike orde geplaas word. Aanhaling:

> "Die eerste drie hoofstukke van die boek van Openbaring, openbaar al die gebeure wat verband hou met die Gemeente. Daarna is daar nie meer van die Gemeente te sien nie, tot die 19de hoofstuk. Die Gemeente word opgeneem in die 4de hoofstuk en keer terug in die 19de. Bruid en Bruidegom kom saam na die aarde terug. En daarna, vanaf hoofstuk 19, tot die slotsom in hoofstuk 22, gaan alles oor die Duisendjarige Koninkryk en wat daarna sal wees. Vanaf die 4de, tot die 19de hoofstuk, handel God met Israel" (FEAST OF THE TRUMPETS, bl. 6).

Broeder Branham het dit herhaaldelik beklemtoon. Neem asseblief kennis daarvan, soos ons dit in hoofletters plaas: "INGESLUIT IN HOOFSTUKKE 4 TOT 19, IS HOOFSTUKKE 8, 9, 10 EN 11". Daar is niks in hierdie vier hoofstukke wat die Gemeente betref nie, soos Broeder Branham self dit 'n paar keer gesê het.

As die genadetroon in die oordeelstroon verander (volgens die 7de Seël, hfst. 8: 2-5), dan is daar nie meer 'n middelaar nie, ook nie meer 'n advokaat, wat die gebede van die heiliges kan ontvang nie.

Dan word die gloeiende kole vanaf die goue altaar na die aarde gegooi. Dit word gevolg deur donderslae, weerlig, ens. Broeder Branham was meegedeel dat die sewe basuine nie binne die tydsbestek van die Gemeente val nie en dus nie op hulle van toepassing is nie. Aanhaling:

> "Onmiddellik daarna, het die engele van die HERE verskyn en my van die sewe basuine, die sewe seëls vertel … dit was toe dat die Heilige Gees dit my laat verstaan het, dat die Gemeente nie hier op hierdie tydstip enige baat het nie, want dit het niks hoegenaamd met die Gemeente te doen nie … Die versameling van Israel is die trompette. Die trompette gaan oor die versameling van Israel. Onthou, al die trompette word onder die sesde seël geblaas ... Let op hoe perfek die sewende basuin en die sewende seël tog is …!" ("FEAST OF THE TRUMPETS", 20-21, par. 43-44, par. 147-148, 158).

**Vraag 9: Glo u dat Openbaring 10, verse 1-7 vervul is?**

Antwoord: Openbaring 10 is nog nie vervul nie. Soos ons gesien het, hou dit nie verband met die Gemeente nie. Broeder Branham was die boodskapper van die laaste gemeentelike tydperk, soos ons dit in Openbaring 3, verse 14-22 geskrywe vind, nie die sewende basuin-engel nie. Hy het Openbaring 10 genoem omdat dit die enigste gedeelte is wat van sewe donderslae praat. Maar ons erken die profetiese karakter van hierdie twee heeltemal verskillende gebeurtenisse. As byvoorbeeld in die Evangelie van Matthéüs 2, vers 15, die woord uit Hosea 11, vers 1: *"… uit Egipte het Ek my seun geroep",* toegepas word op Jesus Christus, bly dit wat geskryf staan in Exodus 4, verse 22-23, nietemin 'n feit: *"My eersgebore seun is Israel. Daarom beveel Ek jou: Laat my seun trek, dat hy My kan dien!".* Bybelse profesieë maak voorsiening vir 'n twee-voudige toepassing, maar

dit moet nog steeds, volgens die verlossingsplan, elke keer gelaat word in die konteks waartoe dit behoort. Die werklike vervulling van Openbaring 10, was vooruitgespreek en sal in meer besonderhede in die volgende gedeeltes toegelig word. Weereens moet ons die goddelike “moet” beklemtoon, dat alles gebaseer *moet* word op meer as een Skrifgedeelte.

Die eerste sleutelwoord is "brul":

*“en Hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul!”* (Openb. 10:3).

*“Die HERE sal brul uit die hoogte en Sy stem verhef uit Sy heilige woning!”* (Jer. 25:30).

*“Hulle sal agter die HERE aan trek; Hy sal brul soos 'n leeu. Want Hy sal brul, en die kinders sal met siddering van die seekant aankom”* (Hos. 11:10).

*“En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy Sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir Sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel”* (Joël 4:16).

*“Die HERE brul uit Sion en verhef Sy stem uit Jerusalem ...”* (Amos 1:2).

Die volgende sleutelwoord is "sweer":

*“En die Engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het Sy hand na die hemel opgehef, en Hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie”* (Openbaring 10:6). *“Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd”* (Dan. 12:7).

Dit kon nie duideliker gesê word nie, dat vanaf daardie oomblik van sweer, daar net drie-en-'n-half jaar tot die einde van die laaste tydvak sal wees. Die tydindeling is eenvoudig perfek!

Wanneer die HERE neerdaal as die engel van die verbond, sal Hy een voet op land en een op die see plaas en Sy aanspraak as die oorspronklike eienaar toepas. Eers op daardie oomblik sal die donderslae hul stemme laat hoor. Ons moet verstaan dat elke Skrif letterlik vervul word en dat elke interpretasie 'n misleiding van die vyand is. Ook die tweede deel van Maleági 3, verse 1-2 — wat nie by die eerste koms van Christus vervul was nie en daarom nie eens in die Nuwe Testament genoem word nie — sal verwerklik word sodra hierdie magtige gebeurtenis plaasvind: *"… dan sal skielik na Sy tempel kom die HERE na wie julle soek, naamlik die Engel van die Verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare. Maar wie kan die dag van Sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers ...".* Hierdie koms as Engel van die Verbond, wat in die ses genoemde skrifgedeeltes in detail beskryf word, moet presies in die konteks gelaat word soos dit in die Skrif geplaas is — naamlik vir Israel. Op daardie tydstip sal die tempel dan gemeet en herbou wees, waarheen, volgens Openbaring 11, verse 1-2, die Engel van die Verbond, wie die HERE van die leerskare is, sal kom. Amen.

**Vraag 10: Glo u dat Br. Branham die sewe donderslae geopenbaar het?**

Antwoord: In een van sy laaste preke het Broeder Branham gesê:

"**Wag net totdat ons kom waar hierdie plae, en seëls en die sewe donderslae oopgemaak word**" (15 Aug. 1965)

Die sewe donderslae waarvan hy gepraat het, was spesifiek in verband met daardie geweldige gebeurtenis van 28 Februarie, 1963, toe die sewe magtige donderslae geklap en die bonatuurlik-verligte wolk verskyn het. Dr. James McDonald van die universiteit van Tucson in Arizona, het die talle foto's daarvan geëvalueer en sy verslag daaroor vrygestel in die tydskrifte *"SCIENCE"* (19 April, 1963) en "*LIFE"* (17 Mei, 1963). Broeder Branham praat ook in hierdie verband oor die ervaring van die wegrapingsgeloof, ook van die nuwe naam wat dan geopenbaar sal word, en ander belangrike gebeure.

Die sewe donderslae in Openbaring 10 moet gelaat word waar God dit geplaas het. Dit weerklink eers wanneer die Engel van die Verbond vir Israel neerdaal ("THE REVELATION OF THE SEVEN SEALS", bl. 72). Die lering dat die sewe donderslae "sewe deugde" of "sewe spesiale manne" is, moet verwerp word, want soos met al die ander "Donderslae"-weergawes in omloop, is dit net eiematige interpretasies en idees, sonder enige bybelse basis.

Nadat Broeder Branham oor die sewe seëls gepreek het, was hy aangesê dat hy terug moet gaan om 'n paar dinge by te voeg, insluitend die volgende:

"Want dit is presies soos geskrywe is, dat "niemand die uur van Sy koms, sal weet nie". Ook sal hulle nie die geheimenis van die sewe-donderslae ken nie" ("THE REVELATION OF THE SEVEN SEALS", par. 394).

Prediker, vergeet van hierdie onderwerp en laat die aangeleentheid aan God oor! Johannes was nie toegelaat om te skryf wat die sewe donderslae geuiter het nie; dit het dus nie deel geword van die geskrewe Woord van God nie en kan daarom ook nie verkondig word nie. Dit is die SO SPREEK DIE HERE in Sy Woord! Ons word beveel om net die dinge wat in die Woord geskrywe is, te bewaar (Openb. 1: 1-3). Ons is verbied om by die woorde van die profesie van hierdie boek selfs die geringste ding by te voeg (Openb. 22: 16-21). Is die waarskuwing nie duidelik genoeg nie?

**Vraag 11: Waarom het Broeder Branham herhaaldelik oor die "Derde Trek" gepraat in verband met die sewe donderslae?**

Antwoord: Die term "Derde Trek" verwys na die laaste fase van sy bediening. Aanhaling:

> "Die Eerste Trek – gesondmaking, Die Tweede Trek – profesie. Die Derde Trek, die opening van die Woord, die verborgenhede geopenbaar" ("ANOINTED ONES AT THE END TIME", par. 262).

Op 28 Februarie 1963 het Broeder Branham 'n geweldige, sewevoudige, dawerende donderslae ervaar, wat hy daarna herhaaldelik die "sewe donderslae" genoem het. Hy het in-der-daad 'n paar kere, sewe maal met sy vuis teen die preekstoel geklop, en gesê:

> "Die sewe daaropvolgende donderslae was so kragtig … dit het gelyk asof dit iets wil uitspel" ("THE SEVENTH SEAL", 24 Maart, 1963).

Dan praat hy van die geheim wat Satan nie van weet nie. So ook van die "derde trek" — van die prediking aan die totaal-verlorenes. Hy praat van die Koning se Swaard wat in sy hand geval het,

met die opmerking: “Dit is die derde trek”. Hy praat van “die bediening van die gesproke woord”, ens.

Ons moet onderskei tussen die sewe donderslae wat letterlik gehoor kon word toe Broeder Branham op ‘Sunset Mountain’ was, voordat die sewe seëls geopen was, en die sewe donderslae in Openbaring 10, wat eers sal weerklink wanneer die Engel van die Verbond neerdaal met die boek geopen in die hand. God se stem weerklink met magtige donderslae: *“Luister, luister na die gedruis van Sy stem en die dreuning wat uit Sy mond uitgaan … God donder wonderbaar(lik) met Sy stem; Hy doen groot dinge wat vir ons onbegryplik is”* —Job 37 (Sien ook Ex. 20:18; Joh. 12: 28-29; Hebr. 12: 18-19, ens.).

**Vraag 12: Waarom het Broeder Branham herhaaldelik verwys na Openbaring 10, vers 7?**

Antwoord: Dit is baie vreemd dat byna die helfte van die vrae, op die een of ander manier, betrekking het op Openbaring hoofstuk 10. Weer moet ons goed oplet wat gesê was. Hy het van “verborgenhede” gepraat (meervoud), glad nie soos geskrywe is, van die “verborgenheid” van God nie. Dit het hy gedoen want hy was die boodskapper in hierdie laaste kerkeeu, waarin alle verborgenhede in die Woord geopenbaar sou word. In sy preek van 30 Desember, 1962, “IS THIS THE TIME?”, noem Broeder Branham sewentien verborgenhede wat geopenbaar is. Hy begin met “die verborgenheid van die koninkryk van God” en eindig dan met “die teruggekeer van die vuurkolom”. Jesus Christus is *“die verborgenheid van die godsaligheid”.* Dit is hoe ons dit in ITimothéüs 3, vers 16 bevestig vind. Die Jode het die openbaring en verskyning van die een ware God in Jesus Christus destyds nie aanvaar nie en erken dit vandag nog steeds nie.

Die nuwe-testamentiese Gemeente het egter die verborgenheid of God van die begin af geken (Kol. 2: 2-3, ens.).

Die oomblik wanneer hierdie groot "verborgenheid van God" tot 'n einde kom, sal die Jode ingesluit word, soos Hy ook aan Sy diensknegte en profete gewys het. Word die nuwe-testamentiese Gemeente aangespreek, dan lees ons van "apostels en profete" want die Gemeente van Jesus Christus is gebou op die fondament van die apostels en profete (Efé. 2:20). Wanneer dit oor die Jode gaan, dan lees ons: *"soos Hy die blye tyding verkondig het aan Sy diensknegte die profete"*.

Na die aankondiging in Openbaring 10, vers 7, moes Johannes die oop boek eet en was beveel: *"Jy moet weer profeteer ...".* In hoofstuk 11 profeteer die twee profete van Israel twee-en-veertig maande lank in Jerusalem; dit is drie-en-'n-half jaar. Is dit nie duidelik genoeg nie?

In hoofstukke 8 en 9 vind ons die beskrywing van die eerste ses basuin-oordele. In hoofstuk 10 word die sewende basuin-aankondiging gemaak, maar die eintlike vervulling daarvan vind ons eers in hoofstuk 11, vanaf vers 15: *"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse HERE geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid".* Ons moet die goddelike orde van die gebeure soos dit in die Woord van God vir ons getoon word respekteer. Reg na die sewende basuin weerklink, lees ons: "... *U toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan U diensknegte, die profete, en aan die heiliges"* (hfst. 11, verse 15-19).

Dit is belangrik om te weet dat die Hebreeuse woord, “Shofar”, in ons bybels vertaal word as “basuin”. “Shofar” word in verband met die sewende seël en die sewe basuine-engele vanaf hoofstuk 8, vers 2, regdeur hoofstuk 9 en in hoofstuk 10, vers 7, tot hoofstuk 11, vers 15, elf keer gebruik. Die laaste drie Shofar-basuine wat in Openbaring 8, vers 13, sowel as in Openbaring 10, vers 7, staan, word aangegee as “stemme”:

*“Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige* stemme *van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!”.*

*“...maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas ...”.*

**Vraag 13: Glo u in die bediening van 'n 8ste boodskapper?**

Antwoord: Nee. Ek glo nie dat daar ‘n 8ste boodskapper kan wees nie, want volgens Openbaring 1, vers 20, is daar slegs sewe sterre — die sewe engele van die sewe gemeentes — in die regterhand van die opgestane HERE. elke 8ste boodskapper kan gevolglik slegs in iemand anders se hand wees, want daar is nie so 'n belofte in die Skrif nie. Daar word ook niks gesê van 'n Joshua of 'n Elisa of enige ander profeet wat vir die Gemeente moet kom nie. Alle ware diensknegte van God in hierdie tyd, bevind hulle op dieselfde basis, en verkondig die ware Woord — die boodskap van die uur, wat die Wederkoms van Christus vooraf gaan.

**Vraag 14: Glo u in die ‘Parousia’ lering?**

Antwoord: Ek gee altyd dieselfde antwoord op hierdie vraag: Wanneer die HERE kom, sal ek saam met al die heiliges die Heerlikheid ingaan. Elke koms van die HERE is ‘n werklikheid, persoonlik en ‘n liggaamlike teenwoordigheid. Die term “par-ou-sia” op sigself, dui op ‘n *aankoms* — ‘n “fisiese teenwoordigheid”.

So lank as die Bruid-gemeente op aarde is, het die Bruidegom nog nie gekom nie. Wanneer die Bruidegom kom, sal hulle wat in Christus gesterwe het, eers opgewek word en wie in Christus in die lewe oorgebly het, sal verander word en Hom saam in die lug te ontmoet (IThes. 4: 13-18). Daar is glad geen belofte in die Woord van God, dat Christus voor die wegraping sal plaasvind, aarde toe sal kom nie. Ons word immers gewaarsku: *"As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! Moet dit nie glo nie"* (Matt. 24:23). Dit staan verder ook geskrywe in Matthéüs 24: *"Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees"* (vers 27). Daar is ook geen belofte dat Sy koms ingelei sal word met die opening van die seëls nie, of dat die troon van genade op daardie tydstip sal verander word in die oordeelstroon nie.

Die onskriftuurlike leringe ontstaan uit blote wanbegrippe wat net menslike uitleggings is. Broeder Branham het gesê:

> "Eers kom die boodskap, die lewende brood van die lewe, om die Bruid voort te bring ... Dit is 'n boodskap om die mense bymekaar te kry. 'n Boodskap kom eers na vore. Dit is nou die tyd om die lampe skoon te maak. Staan op en snoei julle lampe. In watter tydperk gebeur dit? Die sewende; nie in die sesde nie, in die sewende. Daar kom die Bruidegom! Staan op en maak julle lampe skoon!" (65-1204).

Neem kennis van hoe die Heilige Gees vanaf IThessalonisense 4 tot Matthéüs 25 lei, waar daar gepraat word van die geroep om middernag. Dit is 'n wekroep, want al tien maagde het aan die slaap geraak. En volgens vers 10 is dit net diegene wat gereed sal wees, wie saam met die Bruidegom die

bruilofsmaal binne sal gaan. Ons lees oor die bruilofsmaal in Openbaring 19, verse 1-10. Daar is geen woordspeling tussen bruilof en bruilofsmaal nie. Volgens dieselfde skrifgedeelte, vind die bruilof en bruilofsmaal plaas in die hemel, nie op die aarde nie. Die Bruidgemeente van alle tydperke sal daaraan deelneem saam met Abraham, Isak, Jakob en al die regverdiges in die voltooiing.

**Vraag 15: Het die Seun van die mens volgens Lukas 21, vers 27, alreeds gekom?**

Antwoord: Nee; beslis nog nie. Die Seun van die mens het nog nie *gekom nie*. Die Seun van die mens het Homself met dieselfde “teken van die Messias” geopenbaar deur die profetiese bediening, op dieselfde manier as wat dit gebeur het toe Hy op aarde gewandel het (Luk. 17:30): In Johannes hoofstuk 1 het Natánael en Simon Petrus dit ervaar, in hoofstuk 4 die vrou by die put, in Matthéüs 21 die dissipels wat die vul met die esel na Hom toe gebring het, sodat Sagaria 9, vers 9 vervul kon word.

Die koms in Lukas 21, vers 27, hou nie verband met die terugkeer van die Bruidegom om die Bruid huistoe te neem vóór die groot verdrukking nie, maar vind eers plaas ná die verdrukking:

*“En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie … En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid"* (Matt. 24: 29-30; Mark. 13: 24-32; Luk. 21: 25-33).

Dit het beslis nog nie gebeur nie. Daniël 7, vers 13 en Openbaring 1, vers 7, praat van dieselfde gebeurtenis: *"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!".* Soos duidelik uit hierdie konteks blyk, is hierdie koms na alle volke en veral na die Jode, wat dit dan sal erken wie dit was wat hulle deurboor het (Sag. 12:10).

**Vraag 16: Wat van u bediening? Is dit in die Bybel te vinde?**

Antwoord: As die opdrag wat die HERE my gegee het, nie op die Skrif gebaseer was nie, sou ek glad nie die reg gehad het om in Sy diens te wees nie. *"En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars"* (IKor. 12:28). Broeder Branham het gesê:

> "Niemand het die reg om te preek, tensy hy, soos Moses, God self ervaar het op daardie Heilige grond nie...." ("FUTURE HOME", bl. 36-37).

Almal wat ooit deur God geroep was, ken die dag, uur, plek en die presiese bewoording van daardie roeping. My getuienis is al baie jare regoor die wêreld bekend. Dit was in Maart 1963 gepubliseer in die Duitse uitgawe van die 'Voice of Healing' tydskrif. Fred Sothman en Banks Woods was getuies op 3 Desember, 1962, toe Broeder Branham, deur goddelike openbaring, die woorde herhaal het wat die HERE met my op 2 April, 1962, gespreek het. Ek sal dit nooit vergeet, hoe die profeet destyds vir my gesê het:

> "Broeder Frank, jy het misverstaan wat die HERE beveel het. Jy het aardse voedsel geberg, omdat jy gedink het dat daar 'n aardse hongersnood sou wees"

Hy het voortgegaan:

> "Die HERE gaan 'n honger stuur vir Sy Woord. Die voedsel wat jy moet opstoor is die Woord wat God vir hierdie tyd belowe het ... dit is in die band-opgeneemde preke ... Maar wag totdat jy die res het, voordat jy dit uitdeel".

Die opdrag wat aan my gegee is, is twee-ledig: Om van stad tot stad te gaan en die Woord te preek, en tweedens, om die geestelike voedsel uit te deel.

God het dit so gelei dat Broeder Don Bablitz, in Augustus 1976, gekom het na die huis van die Wittmeier-gesin in 137ste Laan, Edmonton, terwyl ek daar was. Hy en 'n span het die gedrukte preke van Broeder Branham in die Engelse taal gepos na die adresse, wat aan my gegee was met my reise oor die wêreld. Daardie Saterdagoggend het hy skielik in die gesprek gesê: "Broeder Frank, ons sien Broeder Branham in die Bybel. Wat van u bediening? Is dit ook in die Bybel?". Ek onderbreek hom toe en sê: "Asseblief, hou op daarmee! Hoe kan my bediening in die Bybel wees? ...".

Die volgende oggend nadat ek vroeg wakker geword het en ek geklee was, het ek regop gaan sit op die rand van die bed. Ek was net op die punt om my Bybel te neem, toe ek die volgende woorde met groot gesag uitsgepreek hoor, vanaf my regterkant — soos dit nog elke keer gebeur het: "MY DIENSKNEG, EK HET JOU VERORDINEER OM DIE VOEDSEL UIT TE DEEL VOLGENS MATTHÉÜS 24, VERSE 45 TOT 47". Tot dan het ek nog nooit hierdie bybelteks opgemerk nie, nog minder dat dit verband hou met die uitdeel van die geestelike voedsel vir hierdie tyd.

God het gesê dat Hy hongersnood sal stuur, *"om die woorde van die HERE te hoor"* (Amos 8:11); daarom moes Broeder Branham die geestelike voedsel opstoor, sodat dit nou uitgedeel kan word. My God-gegewe bediening is dus direk gekoppel aan die bediening van Broeder Branham. Dit is *een* ding, om die kos in groot hoeveelhede in mandjies te stoor, soos dit aan hom gewys is, en 'n *ander*, om dit wat aan die tafel van die HERE voorberei is, aan die mense te bedien. Alle broeders wêreldwyd wat ook deur God geroep is, bly in die Woord en gee die geestelike voedsel deur.

**Vraag 17: Preek u die predikinge van Broeder Branham?**

Antwoord: Nee. Ek preek nie Broeder Branham se preke nie; dit is alreeds gepreek. Ek vertaal en publiseer dit. En so kan almal wat wil, hul siele voed deur te luister of te lees. Ek preek uitsluitlik uit die Bybel, maar dit kan gebeur dat ek enkele gedeeltes gebruik, soos die Heilige Gees lei.

**Vraag 18: Wat is die geestelike voedsel, Broeder Branham se preke of die Bybel?**

Antwoord: Wie kan so vra? Dit bly vir altyd so dat die geestelike mens nie van natuurlike brood lewe nie, maar van die brood wat uit die hemel kom (Joh. 6: 32-39). Die geestelike voedsel is die Woord van God, waardeur ons versterk word om die wil van God te doen (Joh. 4:34). Of ons uit die Bybel lees, of dit aan ons laat verkondig: onder die uitverkorenes wat glo, doen die Woord waarvoor dit gestuur is. In die preke van Broeder Branham vind ons die nuut geopenbaarde Woord, die vars manna. So word die goddelike doel wat aan hierdie bediening gekoppel is bereik, nl., dat beide

die profetiese en ook die leerstellige gedeeltes ingesluit word.

**Vraag 19: Wie sal die Gemeente van die laaste dae aan die HERE voorstel?**

Antwoord: Dit was die begeerte van die apostel Paulus, om destyds al 'n onberispelike Gemeente aan Christus voor te stel (IIKor. 11: 2-4). Hy het egter gevrees dat, net soos Eva deur die slang verlei was, die gedagtes van die gelowiges ook verdorwe sou word, omdat Christus eenvoudig is. Dan wys hy hoe die verleiding geskied, nl., deur predikers wat 'n ander Jesus en daarom 'n ander evangelie verkondig, omdat hulle ‘n ander gees kry. In Efésiërs 5: 26-27, sal die HERE Jesus self die Gemeente voor Sy aangesig daarstel: *“... sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees”.* Die grootste man van God kan net die Woord preek; dit is die HERE self wat Sy Gemeente verlos het en hulle uit roep om die verlossingswerk in hulle te voltooi. Hulle wie preek, sal in die teenwoordigheid van diegene wat die woord uit hul monde gehoor het, geoordeel word. So het Broeder Branham dit ook in sy ervaring, “agter die gordyn van die tyd”, gesien. Dit stem ooreen met Romeine 14, verse 7-12 en IIKorinthiërs 5, verse 9-10, waar Paulus sê: “*… ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn …”.*

**Vraag 20: Hoe reageer u op dit wat oor u gesê word?**

Antwoord: Glad nie. Dit gee my die geleentheid om diegene te seën, wat nie hul jaloesie kan bedwing nie. My lot is nie anders as al die verkondigers van die Woord van God nie, soos die apostel Paulus skryf: *“... deur eer en oneer, deur slegte en goeie gerug, as verleiers en tog waaragtig”* (IIKor. 6:8).

As daar, byvoorbeeld, in die tydskrif “Contender” of in 'n boek oor die sewe donderslae, of in ope briewe, selfs van kansels af en op die internet, laster versprei word, dan weet jy maar net dat Satan met alle middele probeer om die invloed van die bediening te vernietig. So was dit met al God se diensknegte.

Die HERE Jesus, wie my geroep het, gee my nuwe krag elke dag, om die ware Woord van God met alle gelowiges te deel. Ondanks al die smaad wat ek moet verdra kan ek alle ou en nuwe vyande van die Waarheid, net die beste toewens. Dit was altyd die godsdienstige leiers wat die profete vervolg het, wat die HERE en die apostels verag het, terwyl hulle self geestelik blind was en dan nog probeer het om die blindes te lei.

Die wese van 'n saad is self-openbarend. Niemand kan vye uit ‘n doringbos versamel nie, nog minder kan soet en bitter water uit dieselfde bron kom. Sommige se liefde is soos die van Kain (IJoh. 3: 11-12), wat geëindig het met moord; vandag is dit karaktermoord. Kain met sy jaloesie, en Abel, wie die HERE behaag het, word as voorbeelde gegee. Afguns en jaloesie bring haat voort, en haat bring voort broedermoord. Aanhaling:

> “U hoef nie 'n mes in 'n man se rug te steek om hom dood te maak nie; kraak net sy karakter af en sy invloed, dan het jy hom doodgemaak. As jy teen jou herder gaan, iets slegs praat oor hom hier, is dit dieselfde as om hom te skiet. As jy enigiets sê teenoor hom wat nie reg is nie, sal dit sy invloed oor die mense vernietig, o.a., en jy sal daarvoor skuldig wees! Jesus het dit gesê.” (Golden Nuggets, bl. 167).

Isak en Ismael was seuns van dieselfde vader. Maar hy wat na die vlees gebore is, het die een

wat volgens die belofte gebore is gehaat. *“Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte; maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook”* (Gal. 4: 28-29). Dit kan nooit andersom wees nie. Die verskuiling daarvan is ook nie moontlik nie: *“Wie sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie”* (IJoh. 3:15). Dit is die reine waarheid. Wie sy broeder haat en dus doodmaak, pleeg eintlik “selfmoord", omdat hy die ewige lewe verloor.

**Vraag 21: Het Broeder Branham poligamie gepreek?**

Antwoord: Wat 'n vraag om in 'n beskaafde wêreld te vra! Nee natuurlik nie. Sommige broeders in Afrika-lande, waar poligamie steeds beoefen word, beklemtoon die uitsprake van die profeet in hierdie verband en pas dit in by hul eie wellustige weë. Hulle noem Abraham, Jakob, Elkana, Gideon, Dawid en Salomo, ens., terwyl hulle ook benadruk dat Dawid net een keer egbreuk gepleeg het, toe hy Uria se vrou geneem het. Hierdie onderwerp is baie meer sensitief as enige ander en word so maklik misverstaan. Broeder Branham het die volgende gesê:

> “Maar nou, nadat die seëls oopgemaak is, lei die Gees van die Waarheid ons reguit na die Woord. Dit verduidelik waarom al die foute deur die eeue heen gemaak was: omdat die Seëls nog nie geopen was nie. Dit was nog nie onthul nie; Dit is die waarheid" (“MARRIAGE AND DIVORCE”, bl. 33).

Broeder Branham het die term “poligamie” 'n aantal kere gebruik, veral in sy preek “MARRIAGE AND DIVORCE” van 21 Februarie, 1965, met verwysing na die Ou Testament. Hy was beslis nie van plan om 'n harem vir die broeders op te rig nie.

Sonder om ‘n redes aan te voer, het God in die wetgewing gesê: *“As hy vir hom nog ‘n vrou neem ...”* (Ex. 21:10) — nie *nog baie vrouens* nie. In so geval moes die man volle verantwoordelikheid neem vir beide vrouens. Die HERE God het selfs die reg van die eersgeborene daargestel (Deut. 21: 15-17).

Die apostel Paulus skryf duidelik dat elke man sy eie vrou moet het en elke vrou haar eie man (IKor. 7). Broeder Branham wou eintlik net beklemtoon dat die vrou vir die man geskep is en nie die man vir die vrou nie (IKor. 11:9). Dit is die rede, waarom die man na 'n egskeiding weer kan trou, sonder verskuldiging teenoor die eksvrou. As *sy egter* weer trou, leef sy in egbreuk, omdat sy aan haar gelofte gebonde is deur die wet van God, solank die man lewe (Rom. 7:2; IKor. 7:39). So was dit onthul aan Broeder Branham, in dieselfde bonatuurlike wolk wat teenwoordig was met die opening van die seëls. Dit is die Woorde van sy mond:

> “Let op, dat daar gesê word dat hy nie weer kan trou nie, hetsy met ‘n maagd! ... Dit sê hier dat hy slegs 'n maagd kan trou. Hy kan weer trou as dit 'n maagd is; maar hy kan nie met iemand anders se vrou trou nie. Nee, eintlik nie. En as hy ‘n geskeide vrou trou, leef hy in owerspel ... Let op wel: hy kan weer trou, maar sy kan nie. Soos David, soos Salomo, soos dit deur die hele Bybel loop ...”.

Die verskil is vanselfsprekend:

> “Sy moet ongetroud bly of weer versoen word met haar man (IKor. 7). Sy kan nie weer trou nie, sy moet enkel bly. Maar let op, hy het dit nie oor die man gesê nie. Kyk, jy kan nie die Woord maak lieg nie” (“MARRIAGE AND DIVORCE”, bl. 33).

Almal behoort dit nou goed te verstaan, as gevolg van die uitklaring wat Broeder Branham gegee het, want hy het 'n direkte antwoord van God ontvang oor die kwessie van die huwelik en egskeiding. Hierdie skriftuurlike openbaring is in 'n totale kontras met die oorgeërfde, tradisionele denke en met wat in die denominasies geleer word. Almal wat beweer dat hulle alles oor hierdie onderwerp reeds geweet het, moet vertel word dat God nie eens met so iemand kan praat nie. Die saak was in elk geval so belangrik vir God dat Hy persoonlik in die bonatuurlike wolk verskyn het om die finale openbaring aan Sy kneg en profeet te gee. Almal, wat met reg daarop aanspraak maak dat hulle die boodskap van die uur glo, sal dit respekteer.

**Vraag 22: Wat leer u oor die huwelik en egskeiding?**

Antwoord: Ek het glad en geheel nie enige onderrig van my eie oor enige onderwerp nie. Hierdie onderwerp was reeds breedvoerig behandel deur Moses, onse HERE, die apostel Paulus en deur Broeder Branham. Eintlik hoef daar nie meer daaroor geskryf te word nie, behalwe om alles wat reeds geskryf is, reg te plaas. Dit is, soos Broeder Branham gesê het:

> “Hierdie oeroue probleem is so ingewikkeld dat jy dit nie kan verstaan nie, tensy dit aan jou geopenbaar word” (“MARRIAGE AND DIVORCE”, bl. 38).

Toe die HERE God die gebooie gegee het (Ex. 20), het Hy nie hierdie belangrike onderwerp wat praat van owerspel, uitgelaat nie. *“Jy mag nie egbreek nie ... jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie”* .

In die Bergrede in Matthéüs 5, verse 27-32, het onse HERE ook daaroor gepraat: *“Jy mag nie egbreek nie … Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n (ander man se) vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het ...”.*

Toe sê Hy: *“As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af … En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af ...”.* Dan spreek Hy die man aan wat op grond van egbreek sy vrou kan — nie moet — skei. Andersins veroorsaak hy dat owerspel deur sy vrou gepleeg word as sy weer trou (v.32). In so geval sal die man daarvoor verantwoordelik gehou word.

In alle kulture op aarde, insluitend ateïsme, word die huwelik in die algemeen as die natuurlike orde van gesinslewe gerespekteer. Die brandende vraag is: wat is egbreek, waarvoor albei wettiglik die doodstraf moes kry? Wat sê die Skrif hieroor? Dit is wanneer 'n man geslagsomgang met 'n getroude vrou, die vrou van ‘n ander man het: *“As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet hulle altwee sterwe ...”* (Deut. 22:22)

In Maleági, hoofstuk 2, vermaan die HERE eers die priesters-orde en die stam van Levi oor hulle valse leringe. Dan praat Hy van die verbond van die vaders, wat Juda ontheilig het deur die dogters van 'n vreemde god te trou. Dan volg die vraag in vers 15: *“Wat moet uit die een-word kom?”*. Die antwoord: *“God se saad”.* Dit is die saad wat reeds al in die Tuin van Eden belowe was, dit is Christus Jesus (Gal. 3:16). Na dit lees ons van egskeiding as 'n daad van geweld, wat gebeur wanneer iemand die verbond met die vrou van sy jeug verbreek (v.14). Maar God wou nie dat 'n vrou van haar man skei nie, net soos Israel ook nie van God kon skei nie. Daarom was slegs die man toegelaat om 'n skeibrief te oorhandig, maar nooit moes 'n vrou van haar man skei nie.

Dit sal altyd my oortuiging bly, dat alvorens 'n man of ‘n vrou aan egskeiding dink, hy of sy eers moet oorweeg om 'n hand of 'n voet af te kap; dat hulle nooit die pad na ‘n advokaat sal soek om te skei nie. Egskeiding is verskuilde moord en ontketen al die magte van Satan wat in haat uitgedruk word. Dit vernietig nie net die huwelik nie, maar die gesin, die gemeente en die samelewing. Daar is geen ander daad van geweld so satanies soos 'n egskeiding nie. Dit is lewenslange moord. As die mantel van self-geregtigheid soos 'n vyeblare daaroor dan nog geplaas word, is dit 'n bespotting.

Satan, die bedrieër, skuil agter elke aantreklike argument. ‘n Vrou onthoof haar wanneer sy haar man verlaat. Op daardie oomblik verloor sy haar geestelike en natuurlike oriëntering, word boosaardig met ‘n vergiftigde tong, want sy maak haarself los van die goddelike orde van die huweliks-, gesins- en gemeente-lewe. Daardeur sondig sy dan opsetlik, kruisig die Seun van God opnuut en bring Hom in die openbaar tot beskaming. Haar gedagtes draai dan net om wraakneem en hoe om die man te vernietig. Aanhaling:

> “Broeder, kyk, laat ek vir jou sê: sy gaan jou dagvaar vir ‘n egskeiding; dit is Satan” (C.O.D. Vol.2, bl. 981).

Die kentekens is soos volg: geen genade, geen vergifnis, geen versoening nie; net beskuldigings, vyandskap en onbeheerde haat, wat selfs verder gaan as die dood. Terselfdertyd voer daardie persoon oortuigende argumente aan om hul skuldige gewete te streel en om die onreëlmatige optrede voor die gesin, voor die gelowiges en in die algemeen te regverdig.

**Vraag 23: Hoe staan dit met die familie van 'n dienskneg van God?**

Antwoord: Weereens moet ons die vraag vra: wat sê die Skrif hieroor? Byvoorbeeld, onse HERE het in Matthéüs 5, 6 en 7, die alles-ingesluitende bergpredikasie gehou. Aan die einde van hierdie lang preek lees ons: *"En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor Sy leer"* (7:28).

In Matthéüs 10 het die HERE die twaalf dissipels wat Hy apostels genoem het, toegespreek — nie die skare nie — en aan hulle gesê: *"... as iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af ..."* (vers 14).

*"Kyk, <u>Ek stuur julle</u> soos skape onder die wolwe in ..."* (vers 16).

*"... wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe ..."* (vers 23).

Ten slotte som Hy toe hul sending op, met 'n uitspraak wat 'n persoon se ewige bestemming bepaal: *"Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het"* (vers 40). Almal moet sorgvuldig lees wat die HERE gesê het oor diegene wie Hy self opdrag gegee het. Hulle moes van stad tot stad gaan, getroud of ongetroud. <u>Die roeping is die opdrag</u>.

Aan diegene wat die HERE Jesus Christus geroep het om vrede te verkondig, het Hy sê: *"Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. <u>Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader</u>, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoon-dogter en haar skoonmoeder. En 'n mens se*

*huisgenote sal sy vyande wees”* (Matt. 10: 34-36). Dit is hoe die vooruitgespreekte chaos in die familie, en ook in 'n predikershuis kan gebeur. 'n Dienskneg van God moet nietemin aanhou preek. Hulle wie Hy gestuur het, het Hy nie 'n aangename gesinslewe, nog minder 'n aangename bediening belowe nie. God het nêrens gesê dat 'n apostel, 'n profeet of leraar getroud moet wees nie. Of ‘n dienskneg van God getroud is of nie, hy móét gehoorsaam wees aan die goddelike opdrag.

Hoe heel anders is die woorde wat aan ouderlinge in die plaaslike gemeente gerig is! Volgens ITimothëüs 3 en Titus 1 moet die ouderlinge en diakens getroud wees. Die opdrag om *“die man van een vrou”* te wees, beteken nie dat die ander meer vrouens kon hê nie. Dit beteken eenvoudig dat broeders wat in die plaaslike gemeente 'n verantwoordelikheid het, getroud moet wees, omdat hulle met die probleme in die gemeente te make het. Aanhaling:

> “Die Bybel vereis dat 'n diaken 'n getroude man moet wees. Hy moet die man van een vrou wees” (C.O.D Vol. I, bl. 354).

Hoe was dit met die Seun van God? Selfs Sy broeders het Hom nie geglo nie, ondanks Sy bo-natuurlik-bevestigde bediening: die vermeerdering van brood, die genesing van baie siekes, die opwekking van die dooies, die kalmering van die storm, ens. (Joh. 7:5). Hulle het Hom volgens die vlees geken, maar nie volgens die Gees nie. In Matthéüs 13, verse 53-58, staan geskryf dat die Seun van die mens in Sy eie stad niks kon uitrig nie, vanweë hulle ongeloof. Hulle het gevra: *“Is Hy nie die seun van die timmerman nie? Is die naam van sy moeder nie Maria en dié van sy broers … En sy susters, is hulle nie almal by ons nie …?”*.

Hulle het aanstoot geneem omdat hulle geoordeel het na wat hulle oë gesien het en na wat die mense gesê het. Toe sê die HERE: *“'n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderstad en in sy huis”* (Matt. 13:57[b]).

Dit is pynlik vir ons om te lees wat die leiers destyds alles oor ons HERE en Verlosser versprei het. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het in Sy gesig gesê: *“Ons is nie uit ontug gebore nie ...”,* ook dat Hy *“'n Samaritaan is en van die duiwel besete”* is (Joh. 8: 41,48,49). Dink net: ons HERE, die eniggebore Seun van God is die Samaritaan genoem, wat uit ontug gebore is! Toe sê Hy vir hulle: *“... Ek het uit God uitgegaan en gekom ... Julle het die duiwel as vader”* (verse 42-44).

Kan 'n dienskneg verwag om anders as sy HERE behandel te word? Die Verlosser het nie gekom om 'n aardse familie te verhef, of 'n besigheid uit sy bediening te vestig nie. Sy diensknegte het 'n hoë roeping in die liggaam van Christus, wat verder strek as die natuurlike familiebande.

Daar is ook geen belofte in die Woord van God dat die seuns van 'n profeet, van ‘n apostel of ‘n leraar, as erfgename van sy goddelike kommissie, by hom moet oorneem nie. Die profeet Samuel het dit goed bedoel toe hy sy twee seuns as regters aangestel het. Ons lees egter daaroor: *“Maar sy seuns het nie in sy weë gewandel nie: hulle het onregverdige wins nagejaag en omkoopgeskenke aangeneem en die wet verdraai”* (ISam. 8: 1-5). Selfs die goedbedoelde besluit van 'n profeet kan misluk; slegs dit wat God bepaal, kan nie faal nie. Dit kan ook gebeur dat die seun van 'n profeet, of 'n koning, ‘n man van God, opstaan en aanspraak maak op 'n spesiale posisie en mense op hom laat vertrou. Ons het 'n tipiese voorbeeld in IKonings 1,

toe Adónia, die seun van Dawid uit Haggit, *"so vermetel was (om te dink): Ek sal koning word! En hy het vir hom waens en perde-ruiters aangeskaf en vyftig man wat voor hom uit loop".* God se besluit het toe alreeds geval op Salomo, as die opvolger van die troon van Dawid. Maar in die oë van sy broers moes hy nie die troon bestyg nie.

So gebeur dit ook dat seuns vir hulself en vir ander sê: "Ek sal president wees ...", "ek is die nuwe leier!", "Ek sal die verantwoordelikheid oorneem ...", "Ek sal die vergaderings reël, 'n gemeente het ...", "Ek wil ..." "Ek wil ...". Van die begin af voer alle ware diensknegte van God Sy opdragte uit, ongeag die omstandighede, en dit is onherroeplik. Geen dienskneg van God het ooit gesê: "Ek wil ...", "Ek wil dit of dat doen" nie. Baie van hulle wou eers nie gaan nie, maar moes, omdat God se roeping onherroeplik is. Familie of nie, getroud of nie: 'n goddelike opdrag is deel van God se verlossingsplan, wat onder alle omstandighede uitgevoer moet word.

**Vraag 24: Wat van die boek "The Exposition of the Seven Church Ages"?**

Antwoord: Ek het die twee Engelse boekies "Twintieth Century Prophet" en "The Laodicean Church Age" van Broeder Lee Vayle, asook die boek, "The Exposition of the Seven Church Ages" (die 'Kerkeeue-boek'), in April, 1966, uit die VSA saamgebring. In die aanvaarding dat Broeder Branham die skrywer van die kerkeeue-boek was, het ek dit in Duits vertaal en 10,000 daarvan gedruk. Toe vind ek dat die 48 bladsy-boekie, "The Laodicean Church Age", van die eerste tot die laaste woord ooreenstem met wat vanaf bladsye 319 tot 365 in die 'Kerkeeue'-boek gevind word.

Eers later het ek toe uitgevind dat daar baie teenstrydighede was tussen die 'Kerkeeue'-boek en Broeder Branham se oorspronklike preke daaroor. In die boek is daar selfs onbybelse leerstellings wat Broeder Branham nooit gepreek het nie. So word daar gesê, byvoorbeeld, dat selfs mense wat nie weergebore is nie, die ewige lewe sal binnegaan, weens die goeie wat hulle gedoen het aan die broeders. Dit is in kontras met IJohannes 5, verse 11-12: *"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in Sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie".*

'n Ander voorbeeld is die ongehoorde stelling oor die boom van die lewe en die boom van kennis: "... so het die regverdige en die bose langs mekaar gestaan in die middel van die tuin ... en ongetwyfeld het hulle takke inmekaar gevleg" (bl. 92, 98)!

Die boek onderskei ook nie tussen die oordeel oor die nasies, wat voor die begin van die Vrederyk plaasvind, soos vervat in Matthéüs 25 vanaf vers 31, en die finale oordeel van Openbaring 20, vanaf vers 11, voor die Wit Troon, ná die duisend jaar nie. Eintlik weier ek om verder oor die verskillende punte te gaan, wat nie korrek in die genoemde boek gegee word nie. Ek vra almal om die oorspronklike preke te gebruik.

Op nadere ondersoek, was daar aan my toe meegedeel, dat Broeder Lee Vayle die skrywer van die "Kerkeeue"-boek is. Broeder Branham het gesê dat hy nie eers die boek gelees het nie — laat staan nog geskryf het. In sy preek van 17 Februarie, 1965, "A MAN RUNNING FROM THE

PRESENCE OF GOD” (“’n Man wat weghardloop vanaf die teenwoordigheid van God”), het hy gesê:

> “en dan die “Kerkeeue”-boek ... Ek bedoel ons broeder het 'n bietjie ekstra inspirasie ontvang want hy het nog twee boekies op eie inisiatief geskryf, nl: “Twintieth Century Prophet” (“Twintigste Eeu Profeet”), en “The Laodicean Church Age” (“Die Laodiceaanse Kerk-eeu”). Ek het dit nog nie self gelees nie. As ek dit lees, kan ek miskien my mening daaroor verander ...”.

As gevolg van die leringe wat teenstrydig met die Heilige Skrif is, raai ek almal aan dat die boek slegs gebruik word om te dien as geskiedkundige agtergrond, indien enigsins, maar nie as 'n gesag op leringe nie.

**Vraag 25: Het Broeder Branham die tydsbestekke van die Kerkeeue geopenbaar?**

Antwoord: Geen openbaring was nodig om die gemeentelike tydperke tydsgewys in te deel nie. Broeder Branham het die historikus Dr. Clarence Larkin verskeie kere hieroor genoem. In sy boek “Dispensational Truth” (“Dispensasionele Waarheid”), vind ons op bladsye 130 en 131 die presiese indeling hoe Broeder Branham dit oorgedra het. Die boodskappers het Broeder Branham egter self gekies. Ek het die skets soos Broeder Branham die sewe kerk-eeue en die sewentig jaarweke van Daniels destyds gebruik het in Jeffersonville, met my saamgebring. Dit wys wat sy lering oor hierdie onderwerp was, gestaaf deur sy eie stellings.

**Vraag 26: Het Broeder Branham geprofeteer dat 1977 die wéreld se einde sal wees?**

Antwoord: Broer Branham het nie so 'n profesie gemaak nie! Hy het wel 1977 in verskeie kontekste genoem.

Wat egter in die “Kerkeeue”-boek staan, dat die wêreld-stelsels in 1977 tot 'n einde sou kom en die Duisendjarige Vrederyk sou aanbreek (bladsy 322 van die engelse uitgawe), kom nie van die lippe van Broeder Branham nie. Daar is geen sprake van so iets in die band-opgeneemde preke nie. In werklikheid het die boek sy oorsprong, woord-vir-woord, uit die pen van Lee Vayle, die skrywer van die boek. Dieselfde aanhaling is ook op bladsy 7 van sy boekie van 48 bladsye, “The Laodecean Church Age”. Op 17 Januarie, 1972, het Lee Vayle my vraag oor 1977 só beantwoord:

> “Ek glo saam met die profeet dat alles in 1977 tot voltooiing gebring sal word en dat ons in die Millennium sal wees …”.

Dit was uiteraard die mening van die skrywer, nie die profeet nie.

**Vraag 27: Het Broeder Branham 'n kalender gesien wat in die jaar 1977 ophou?**

Antwoord: Nee. Tot op hede het niemand, sover my kennis strek, 'n stelling gevind waar hy oor so ‘n visioen praat nie. Hoe hierdie storie die wêreld ingegaan het, weet niemand meer nie. Ons het eers in 1966 van Broeder Branham se sg. “kalendervisioen” gehoor. Later was daar selfs publikasies daaroor, en ek het ook in my Omsendbrief van Februarie, 1967, daaroor geskryf.

Toe ek begin twyfel het oor die 1977 kwessie, het ek soos reeds genoem, vir Broeder Vayle daaroor uitgevra. Sy antwoord met betrekking tot die “Kalendervisioen” in sy brief van 17 Januarie, 1972, was soos volg:

> “Wel, Broeder Frank, mense het gepubliseer dat Broeder Branham 'n kalender gesien het met ‘n hand wat dit oopgemaak het by 1977. Maar ons het

vasgestel dat dit glad nie sy visioen was nie, eerder iets wat iemand uitgedink het. Ons het dit alreeds bespreek ...”.

Die tragedie is dat diegene wie verantwoordelik daarvoor was in die VSA, nooit 'n openbare regstelling gemaak het nie, gevolglik word die valse 1977 profesies en kalendervisioen nou nog aan Broeder Branham toegeskryf. Aangesien nie een van hulle dan ook vervul is nie, gee dit die kritici die geleentheid om hom 'n valse profeet te noem.

**Vraag 28: Is die doop van die Heilige Gees dieselfde as die wedergeboorte?**

Antwoord: Nee. Hierdie stelling uit die “Kerkeeue”-boek kom nie uit die mond van Broeder Branham nie, maar vanaf die skrywer van die boek. Daarom word dit nie in enige van die opgeneemde preke aangetref nie en verder is dit ook nie skriftuurlik nie.

Die een is die wedergeboorte deur die gees en die ander die vulling met die Heilige Gees. Mense het in Handelinge 8 gelowig geword deur te luister na die prediking van die evangelis Filippus en hulle was gedoop. Daarna het die apostels vanaf Jerusalem gekom en vir die gelowig-gewordenes gebid dat hulle die Heilige Gees moet ontvang. In Handelinge 10 het die gelowiges alles tegelyk ervaar, in dieselfde byeenkoms: berou, vergifnis, regverdiging, die wedergeboorte en die doop met Heilige Gees. Deur weergebore te word, word ons seuns en dogters van God; deur met die Heilige Gees gedoop te word, word ons opgeneem as lede in die liggaam van Christus en ontvang krag vir diens (Luk. 24:47; Hand. 1:8; Hand. 2; IKor. 12:1; IKor. 14; o.a.).

Die belangrikste ding is dat ons albei ervaar, of dit nou alles op een slag gebeur, of afsonderlik,

en dat dit nie net by twispunte bly nie, maar wel persoonlike ervarings, wat ons net deur God se genade kan bekom. Broeder Branham het gesê: "As jy in die HERE glo, ontvang jy nuwe gedagtes, 'n nuwe lewe, maar dit is nie die doop met die Heilige Gees nie. Jy ervaar die wedergeboorte wanneer jy glo. Dan ontvang jy die ewige lewe ... Maar die doop van die Heilige Gees plaas jou in die liggaam van Christus, onderhewig aan die gawes om te dien" (C.O.D. Vol.1, bl. 269, §§ 363, 364).

**Vraag 29: Wat van die tentvisioen?**

Antwoord: Ek het die eerste keer in 1958 gehoor van die tentvisioen wat Broeder Branham in 1955 gehad het. Op navraag aan Roy Borders, die bestuurder van Broeder Branham, het hy op 18 Mei, 1965 onder andere geantwoord:

> "... Ek sal probeer om dit in net enkele woorde te beantwoord — soos ek deur Broeder Branham geleer was ...". "Wat die tent betref: dit is heeltemal moontlik dat die tent in Europa en in ander lande bo-en-behalwe in die Verenigde State gebruik sal word ...".

Broeder Branham was tot die einde toe in afwagting op die vervulling van die tentvisioen, maar met sy heengaan was die saak op sigself opgelos. Ongelukkig het ander predikers met die verloop van tyd, ter verdediging, 'n klomp menings en opinies daaroor gemaak. Wat die tentvisioen betref, leer sommige dat Broeder Branham gaan opstaan en vir 'n tydperk die tent-bediening sal verrig. Die gevaar in hierdie saak is dat broeders met hul leringe hulself agter Broeder Branham verskuil. Andersins sou hulle niemand kon oortuig nie en ook nie enige volgelinge het nie.

**Vraag 30: Kan wat Broeder Branham in 'n visioen gesien het, onvervuld bly?**

Antwoord: Dit is te verstane dat Broeder Branham die vervulling van dit wat hy gesien het, in sy leeftyd verwag het. Dit kan egter wees dat dit heeltemal anders vervul as wat verwag word. Voor die opening van die seëls in Maart, 1963, het Broeder Branham ‘n honderd keer van “die tent” gepraat in verband met Abraham en Sarah. Hy het dit gewoonlik gedoen aan die begin van die gebedslyn, om te beklemtoon dat dieselfde teken herhaal word soos in Genesis 18, waar die tent vyf keer genoem word. Sarah was in die tent toe die HERE God, die belofte van die geboorte van Isak gemaak het. Broeder Branham het tydens die gebedslyn keer op keer die rug op die gehoor gedraai om te bewys dat dieselfde God teenwoordig is, wie die geheime van die hart ken en openbaar, soos met Abraham. Maar ek moet waarsku om enige les daaruit te neem. Laat die hele saak aan God oor.

Geestelike dinge word soms in natuurlike simbole gewys, byvoorbeeld, toe Broeder Branham in 'n visioen allerlei groente in die tabernakel ingedra het. Die eintlike betekenis was dat die geestelike voedsel, die geopenbaarde Woord vir ons tyd, opgestoor moes word. Petrus het ook 'n natuurlike prentjie van die linnedoek gesien met allerhande kruipende diere, ens. Die geestelike betekenis was dat die heidene ook God se verlossing ontvang het (Hand. 10: 9-22). Onse HERE het self alles van die Koninkryk van God in gelykenisse met aardse uitbeeldings en simbole getoon en dit bekend gemaak *“wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af”* (Matt. 13: 34-35).

Broeders wat nog vashou aan die letterlike vervulling van die tentvisioen in Broeder Branham se tyd, het absoluut geen belofte daarvan in die Bybel nie. Daar is nie 'n enkele voorbeeld in die Skrif, van 'n profeet wat opgestaan en sy bediening voortsit het nie. Daarom is dit nie vreemd dat sulke broeders nie met ons in gemeenskap will wees nie, omdat ons eerlik verklaar dat Broeder Branham se bediening geëindig het die oomblik toe hy die Heerlikheid betree het. Omdat hulle nie hierdie feit aanvaar nie, verwerp hulle hom wat beweer dat hy deur God opdrag gegee is om die boodskap aan die volke te bring. Hulle brandmerk hom as 'n verleier en die antichris, wie verwerp moet word, omdat hy — soos hulle dink — “teen die profeet” en teen al die leerstellings oor die donderslae is. Hulle gaan so vêr as om te verklaar dat “niemand die reg het om aanspraak te maak op ‘n opdrag van God, om die geopenbaarde Woord aan die volke te bring nie”. Hulle leerstellige standpunt is dat alles aangaande die bediening van Broeder Branham, tot 'n einde gekom het, met sy heengaan en sal eers weer hervat word met sy terugkeer. In die “tussentyd” wend hulle hulself tot vrugtelose besprekings oor wat die profeet gesê het en om verderflike leerstellings te versprei. Wat 'n tragiese verwikkeling binne die geledere van die boodskap!

Trouens, al die verwagtinge kan nou gekoppel word aan die preek van 'n heel ander evangelie. Jesus Christus word nie eens een keer genoem nie. Valse hoop word gekoester, wat uiteindelik tot teleurstelling en wanhoop lei. Let asseblief op die feit, geliefde broeders, dat in beginsel alles wat verband hou met die koninkryk van God, heeltemal niks met enige eie opinies te doen het nie.

Die volgende sê ek as 'n woord van die HERE in die Naam van die HERE Jesus Christus: As daar enigiets is waarvoor daar geen belofte in die Woord van God is nie, kan daar geen vervulling daarvan wees nie. Dit is die reine waarheid.

Kom ons kyk nou weer na Moses: Alhoewel God hom die opdrag gegee het, om die volk Israel na die beloofde land te lei, was hy nie toegelaat om dit met die gemeente van Israel in te gaan nie. Volgens Deuteronomium 34 is hy toegelaat om die hele land vanaf die berg Nebo te sien, maar nie om in te gaan nie; hy het vooraf gesterf. Ek het destyds saam met Broeder Mehnert in Amman 'n taxi geneem en ons het na die berg Nebo gery. Ons het 'n wonderlike uitsig gehad: aan die regterkant voor ons was Jerigo, aan die linkerkant was Engedi en die Dooie See, met Jerusalem voor ons. Ek kan nou goed verstaan hoe Moses moes voel! Maar God se weë is onbegryplik vir ons. Vir die natuurlike oog blyk dit asof Moses nie sy opdrag voltooi het nie; ons moet tog die weë en besluite van God kan respekteer.

Ons glo dat God self die verlossingswerk sal voltooi, soos hy beplan het voor die grondlegging van die Wêreld. Dit is belangrik dat ons in die Woord van belofte bly en deel het daaraan, want ware geloof is slegs geanker in die beloftes van God.

Met verwysing na die beloftes van God staan daar geskrywe: *“Geen enkele woord het onvervuld gebly van al die goeie woorde wat Hy deur die diens van sy kneg Moses gespreek het nie”* (IKon. 8:56). *“Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot* verheerliking *van God deur ons”* (IIKor. 1:20).

Met die eerste koms van Christus, was die beloofde profeet die voorloper, maar die HERE self het die verlossingswerk aan die kruis op Golgota volbring. So dit is ook nou: Broeder Branham was die beloofde profeet waardeur alle dinge herstel word en in orde gebring word. Die boodskap is die voorloper, maar dit is die HERE self wie die werk van verlossing sal voltooi: *"… want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen"* (Rom. 9:28).

**Vraag 31: Watter vergelyking is daar met Israel en met die Gemeente?**

Antwoord: Ons vind die antwoord hierop in Handelinge 15, verse 13-18. Eerstens besoek God die nasies genadiglik en roep 'n volk uit vir Sy naam. Daarna wend Hy Hom tot Israel terug en so word die tabernakel van David herbou. Dit is wat die apostel in Romeine 11 sê, waar hy die hele hoofstuk aan hierdie onderwerp toewy. Ons kry daarin eintlik 'n volledige oorsig van die verlossingsplan met die Jode en die heidene, met Israel en met die Gemeente. Die belangrikste teken is dat die twaalf stamme uit 143 lande teruggekeer het na die Beloofde Land. Om watter rede? Omdat hulle in Jerusalem moet wees — in Israel, om verseël te kan word ten tye van die bediening van die twee profete, soos aangedui in Openbaring 7, verse 1-8 en Openbaring 11.

Op dieselfde manier word die ware gelowiges wie almal verspreid is in die Christelike denominasies, versamel en deur die beloftewoord vir vandag, teruggebring en verseël met die Heilige Gees (Efé. 1:13). Andersins kan hulle nie aan die wegraping deelneem nie. Geloof sonder 'n goddelike belofte,

is slegs godsdienstige verbeelding. Ware geloof is geanker in die beloftes van God. Soos Abraham geglo het wat God aan hom belowe het, en toe die vervulling daarvan ervaar het, glo die ware saad van Abraham die beloftes vir hierdie tyd en sien hoe dit vervul word.

**Vraag 32: In watter tydvak leef ons nou, volgens God se verlossingsplan?**

Antwoord: Ons is nou in die proses om die finale fase van die gemeentelike tydvak te betree — die tydperk van die Bruid. Die Wederkoms van Jesus Christus is waarlik op hande. Dit kan ons sien in die tekens van die tye en in die vervulling van veral die vooruitgespreekte bybelprofesies oor Israel. Die eindtyd-boodskap is die belangrike oproep om middernag. Dit is die tyd om almal uit te roep wat aan die Bruidsgemeente behoort. Waarvan die apostel Paulus in sy dag getuig het, word nou uiteindelik vervul: *"… net die uitverkorenes het dit verkry …"* (Rom. 11: 4-7). Net hulle sal alles erf, omdat dit hulle is wat luister na en volg wat die Gees aan die Gemeentes sê. Natuurlik sal die groot, finale werk van God op aarde sy voltooiing vind in die volle herstel van die beloofde volmaaktheid. Daartoe behoort die bediening van die gesproke woord en die magtige werk van die Gees, wat sal voortvloei uit die sigbare openbaring van die seuns van God en die opstanding van die dooies, wat, as die hoogtepunt, sal uitloop in die Wederkoms van Jesus Christus.

## Samevatting

Dit is met dankbaarheid dat ek terugkyk op 54 jaar van preek en 42 jaar van internasionale bediening, waartydens ek die voorreg gehad het om die ware Woord van God deur lesings en radio- en TV-uitsendings met miljoene mense in meer as 130 lande kon deel. Dit was dalk veral nuttig vir die broeders op die Afrika-kontinent dat broeder Branham 'n Duitse arend deur Afrika sien vlieg het. In elke land, in elke stad het ek die profeet en sy bediening genoem, maar altyd Jesus Christus verkondig as Verlosser, dieselfde gister, vandag en vir ewig, en natuurlik uitsluitlik die Woord van God geleer. Nog nooit het ek die teenstrydige kwessies in die openbaar bespreek nie, en ek het ook nooit 'n broeder genoem wat valse leringe versprei nie. Maar noudat die mens-verheerliking die punt bereik het om die profeet te verafgod met wat hy agtergelaat het, afbeeldings, kruisies, stukkies lap en pelgrimstogte na plekke, moet ek my stem verhef. Die laaste stukrag het gekom van 'n pakkie van vier CD's en DVD's wat 'n broeder vir my uit die Verenigde State gestuur het. Dit het my bereik net nadat ek hierdie vrae beantwoord het, wat ek eintlik wou vermy het. Maar nadat ek die DVD's gekyk het, was dit 'n bevestiging van die belangrikheid — ter wille van die uitverkorenes — om die teenstrydige dinge in perspektief te plaas, naamlik in die lig van die ewige Woord.

Ongelukkig fokus dit op 'n 'Branham-boodskap', wat glad nie meer in ooreenstemming met die oorspronklike, ewige evangelie van Jesus Christus is nie. Daar word heeltyd gesê: "Die profeet het gesê ...", "Die profeet het vir my gesê ..." ens., ens. Hulle noem glad nie meer Jesus Christus nie; dit speel geen rol meer in die broeders se getuienisse nie. Dit gaan altyd oor die profeet en wat hy kwansuis gesê het, maar nooit een keer oor wat Jesus Christus sê nie. Lewensverhale, jagstories, tentstories en vliegtuigstories, ens., ens., is wat gepreek word, en wat Broeder Branham as 'n mens gesê het, word verhef tot 'SO SPREEK DIE HERE'. Is dit dan nie 'n totale

afwyking van die ware evangelie van Jesus Christus, onse Here, soos Paulus dit verkondig het nie (Gal. 1)? Dit is ‘n tragiese afvalligheid wat tot allerlei afgodery lei.

Nou, na meer as 40jaar, word sy lewensverloop gepropageer en nuwe weergawes bly verskyn! Ken ons die lewensverloop van Johannes die Doper, van Petrus of van Paulus? Of het ons die Woord van die Lewe wat God deur hulle gespreek het? William Branham het vir ons 'n kristalhelder boodskap gelaat wat ons na God teruggebring het. Maar het hy nie self in sy preke, ten opsigte van die menslike aspek gesê: “As iemand ’n kersiekoek eet, moet hy maar die saad weggooi en die koek verder eet”? Het hy nie gesê: “As jy 'n hoender eet, sit jy net die bene eenkant”? Maar dit is juis sulke opmerkings wat die hoofsaak gemaak word, en dan is daar 'n hewige argument oor “bene”. Vandag moet die vraag gevra word: Watter boodskap glo jy? Watter evangelie verkondig jy?

In die begin was daar die woord, nie die interpretasie nie! Aan die begin was daar eenheid, nie verdeeldheid nie! 'n Krompromie — 'n vermenging — is nie werkbaar nie. In die begin het God eers die lig geskei van die duisternis, en so bly dit vir altyd. Wie nie die goddelike waarheid van die Woord onvoorwaardelik as die absoluut aanvaar en laat geld nie, is 'n verraaier van die waarheid en verdoem om die leuen te glo en sal daardeur in die oordeel beland (IIThes. 2: 10-12). Ons moet die algemene woorde van Broeder Branham, wat soms moeilik is om te verstaan, aan God oorlaat. Ook die oor sy spesiale bediening. *“Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid”* (Deut. 29:29).

Broeders van regoor die wêreld het hul kommer uitgespreek oor wat in die Verenigde State gebeur. Ek is nie 'n regter nie, maar ek is goddelik geroep om my punt duidelik te maak: My “hoofkwartier” is nie op aarde nie, maar in die hemel, en die “stem van God” is God se Woord, wat wêreldwyd verkondig word. Die vermaning wat in Hebreërs 3 vervat is, geld steeds: *“Vandag as julle Sy stem hoor, verhard nie julle harte nie!”*.

Soos alle profete en die HERE en die Apostels, vanaf sekere plekke in hul dag hul hoofbediening het, het Broeder Branham ook sy hoofbediening gehad in Jeffersonville. Niemand hoef nou 'n pelgrimstog na Jerusalem te maak nie, selfs al het die Woord daarvandaan uitgaan (Jes. 2; Hand. 2).

Voordat Broeder Branham begrawe is, het ek al die preke gekry en dus, die kosbare geestelike voedsel — vir baie jare voordat ‘Voice of God Recordings’ in Jeffersonville geopen is. Die geopenbaarde Woord is nie onder menslike toesig geplaas nie, maar toeganklik vir almal. Vir my geld die hele Heilige Skrif in ewigheid, ook die waarskuwing: *“Soek My, dan sal julle lewe! Maar soek Bet-el nie, en kom nie na Gilgal nie en trek nie deur na Berséba nie. Want Gilgal sal gewis in ballingskap gaan, en Bet-el sal tot niks word nie. Soek die HERE, dan sal julle lewe ...”* (Amos 5). Hulle was almal plekke van spesiale goddelike openbaring, wat later noodlottig geword het vir die volk van God. Jerusalem, die stad wat deur God gekies is, is verskeie kere verwoes en op die Godverkose berg Moria, die latere Tempelberg, het die Moslems die Al Aksa-moskee en die ‘Koepel van die Rots’ gebou. Solank God op ‘n plek teenwoordig is, vervul dit Sy doel. Sodra 'n bediening verby is, word al sulke plekke sonder uitsondering vinnig 'n pelgrimstog van bygeloof en afgodery. Teen die tyd van die koningskap van Hiskia, het die Israeliete selfs aan die koperslang van Moses offerhande gebring, tot Hiskia dit verwoes het (IIKon. 18: 1-4).

Vandag sê die HERE: *“Soek My, dan sal julle lewe!”*. Die HERE kan nie sê: “Gaan na Jerusalem of na Jeffersonville nie”, ook nie: “Maak 'n pelgrimstog na die graf van die profeet”, of “Gaan na Arizona en maak 'n pelgrimstog na Sunset Mountain” nie, omdat Hy gesê het: *“… glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie … Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid … God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid”* (Joh. 4: 19-24).

Wat onse HERE destyds gesê het, is vandag nog steeds van toepassing. Amen! Amen!

Ek het óók Broeder Branham as mens geken, saam met hom aan dieselfde tafel geëet en saam met hom in sy motor gery. Hy het dinge aan my toevertrou wat min weet. Ek het sy 21 briewe vanaf 1958 tot 1965, tot nou nog bewaar. Ek het twee keer in Jeffersonville gepreek op sy direkte versoek. Hy het my gevra om vir die 'Full Gospel Businessmen's Association'-mense, by Demos Shakarian, te gaan preek, in 'Clifton Cafeteria' in Los Angeles. Daar is dinge wat ek graag onthou. Hy het selfs aan my die naam van die broeder toevertrou, wat sy belastings-heffing van $40,000 betaal het, sodat hy sy paspoort kon terugkry. Ek het saam met hom tee by die huis gedrink. Ná sy heengaan, kon ek verskeie kere tydens my besoeke aan Tucson by sy woonstel bly. Maar wat het al hierdie private dinge met die goddelike raad te doen?

Broeder Branham was ook net 'n mens. Dit is glad nie so erg as hy 700 gesê het in 'n preek, i.p.v. 7,000, of dat Henog 500 jaar met God gewandel het, al was hy tog net 365 jaar op die aarde. Dit wys net hoe menslike tongglipse is. As hy bv. sê: "... die koring sal verbrand word ...", dan korregeer hy homself onmiddellik: "… die stingels sal verbrand word, maar die koring in die hemelse skuur versamel word".

As hy sê dat Noag 120 jaar gepreek het, het hy net herhaal wat ander gesê het. Dit was die leeftyd wat God in Genesis 6, vers 3 daargestel het. Noag was 500 jaar oud toe die drie seuns vir hom gebore was (Gen. 5:32), en hy was 600 jaar oud toe die vloed die aarde tref (Gen. 7:6).

Daar is eintlik 'n hele aantal stellinge wat Broeder Branham gemaak het, wat verskil van mekaar. Maar dit is eintlik 'n goeie ding, want ondanks sy onfeilbare bediening as profeet, het hy 'n volkome normale persoon gebly. Hy het bv. met verwysing na IThessalonicense 4, in sy preek "DIE WEGRAPING", wat praat van die direkte Wederkoms van onse HERE, die volgende gesê:

> "Drie dinge moet geskied voordat die HERE verskyn ... die geroep, die stem, die trompet ... Jesus doen al drie wanneer Hy neerdaal".

Broeder Branham wou sê: Hierdie drie dinge sal gebeur wanneer Jesus weer kom. *"Want dit sê ons vir julle deur die woord van die HERE, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die Wederkoms van die HERE, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die HERE self* (nie 'n boodskap nie) *sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die HERE tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die HERE wees"* (IThes. 4: 15-17). Dit sal op dieselfde dag, dieselfde uur, dieselfde tyd gebeur. *"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word"* (IKor. 15: 51-52). Broeder Branham het duidelik gesê:

> "Eerstens kom die boodskap. Dit is nou die tyd om die lampe skoon te maak. Staan op en maak julle lampe skoon!".

Dit is nie IThessalonicense 4 nie; dit is Matthéüs 25: *"Daar kom die Bruidegom; gaan uit, Hom tegemoet!"*. Onvoltooide sinne en tongglipse word gebruik om te leer dat Jesus sedert die opening van die seëls die troon van genade verlaat het, wat dan die troon van oordeel geword het, en is sederdien besig om "neer te daal". Wat 'n rampspoedige argument en dwaalleer!

Nog een ding om te sê: In die eerste veertien jaar vanaf 1966, daar was 'n wonderlike harmonie in die kringe van die eindtyd-boodskap. In 1979 het Satan die werk van God probeer vernietig en ook hierdie bediening. Van daardie tyd af het alle verkeerde leerstellings en aanwysings hul gang gegaan. Die meeste broeders weet vandag nie van die nuwe

begin en die voortsetting ná Broeder Branham se heengaan nie. Broeder Branham het gesien hoe die Bruid uit pas uit gaan, maar hy het ook gesien hoe sy deur die Woord terug in pas gebring word.

Solank as wat sy preke net so gelaat was, was daar geen verdeeldheid nie. Dit was slegs toe aanhalings buite verband geruk was, dat spesiale leerstellings en verwagtinge ontstaan het, wat nie ooreenkom met die Skrif nie. Die Woord bring ons na die belofteland; interpretasies lei na 'n niemandsland! In die lig van die huidige situasie, moet ons erken dat geen mens die probleme binne die eindtydboodskap kan oplos nie — net God alleen. Almal sê: "Die uitverkorenes kan nie verlei word nie!", maar hulle self word verlei en verlei ander verder. Die verleiding kom nie van buite nie; dit kom altyd van binne en is verbasend soortgelyk aan die oorspronklike. Keer op keer word daar spesiale leringe verklaar, wat nie in die geskrewe Woord gevind kan word nie. Dit is hartseer, maar waar, dat onder gelowiges van die eindtyd-boodskap dit herhaal word wat reeds onder alle denominasies voorheen gebeur het: hulle wys op 'hul profeet', 'hul profetes' of hulle stigter. Hulle belydenis is: "Ons glo die Bybel en wat ons profeet gesê het!"

Ek sê dit weer in die Naam van die HERE Jesus Christus: die ware houding moet wees dat ons God se Woord respekteer en dit alleen laat geld. Elke denominasie het hul bepaalde bybelgedeeltes wat veral vir hulle belangrik is, maar verkeerd geïnterpreteer word, waarop hulle dan hulself vestig. So het dit gebeur binne die boodskap met Openbaring 10. Elke verkeerde leer binne die boodskap van die uur, het op die een of ander manier ontstaan omdat Openbaring 10 verkeerd verstaan, verkeerd geïnterpreteer, buite konteks geneem en misplaas word.

Broeder Branham het al die fondamentele leringe van die Skrif weer nuut op die kandelaar teruggeplaas. Dit is in volle ooreenstemming met die hele Woord van God. Ons glo nie blind nie, ons ondersoek die Skrif, of dit so is (Hand. 17:11).

Volgens Maleági 4: 5-6, plaas ons Broeder Branham as die beloofde profeet. Hy was die boodskapper van die laaste gemeentelike tydperk. Amen.

Dit is my besorgdheid om die HERE so te dien, dat almal wat tot die Bruid-gemeente van Jesus Christus behoort, tot die eenheid van die geloof kom. Veertig jaar het verloop sedert die heengaan van Broeder Branham en ons verwag nou 'n keerpunt, en daarmee, die magtigste werk van God wat nog ooit op aarde bestaan het.

Job word aan ons voorgehou as 'n voorbeeld uit die Skrif, hoe hy met sy standvastige uithouvermoë, ‘n dubbele restitusie ontvang het. Satan het alles rondom hom vernietig. Selfs sy vrou het teen hom gedraai en gesê: *“Volhard jy nog in jou vroomheid? Seën God, en sterf!”.* Sy naaste vriende het hom kwalik geneem en hom nie geglo nie. Maar toe kom die oomblik dat God self met Job gepraat het, en so het die hele situasie verander. Hy het vir sy vriende gebid en alles was dubbeld herstel (Job 42: 10-17). Hierdie voorval word aan ons gedemonstreer in verbinding met die vroeë en laat reëns en die laaste werk van God, voor die Wederkoms van Christus. Van daardie oomblik af was alles wat mev. Job en vriende gesê het vergete. Dit sal nou dieselfde wees. *“Wees dan geduldig, broeders, tot op die Wederkoms van die HERE ... Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job ...”* (Jak.. 5: 7-11).

Die tweede voorbeeld is Josef, wie deur sy broers in die put gegooi was en onskuldig in die tronk beland het deur 'n vrou. Maar dit was die diep paaie wat hy moes loop voordat hy die voedsel kon uitdeel aan sy broers tydens die hongersnood. Hy het hulle nie verwyt nie, inteendeel, hy het gesê: *“Kom tog nader na my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir wie julle na Egipte verkoop het. Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, <u>het God my voor julle uitgestuur</u> … <u>Júlle het my dan nou nie hierheen gestuur nie, maar God</u> ...”* (Genesis 45).

As dit nie vir Job was nie, sou ons nie van 'n dubbele vergoeding geweet het nie. As daar nie 'n Josef was nie, sou ons geen voorbeeld van die verspreiding van voedsel in die tyd van hongersnood gehad het nie. As daar nie ‘n Johannes die Doper was nie, sou die weg van die HERE nie gebaan was nie. As Paulus nie bestaan het nie, dan sou die heidene nie die evangelie gehoor het nie. As daar geen William Branham was nie, sou ons glad nie 'n eindtyd-boodskap gehad het nie. En dan sê sommige: as Broeder Frank nie ‘n direkte opdrag van die HERE ontvang het nie, sou die wêreld nie van ‘n boodskap gehoor het nie. Dit gaan hier nie oor bedieninge in die plaaslike gemeente nie, maar oor bedieninge wat direk gekoppel is aan die verloop van die goddelike verlossingsplan.

In lyn met die skrifgedeelte wat ek reg aan die begin aangehaal het, is hierdie daarlegging geskryf na die beste van my kennis en oortuiging. Dit sal goed wees as almal, regtig almal, hulself bevry van die strikke van die duiwel en nie langer na sy wil in die interpretasies bly nie. So seker as wat die Heilige Gees die Gees van die waarheid is en ons in alle waarheid lei (Johannes 16:13), so seker is alle dwaalleringe en alles wat daarmee gepaard gaan, van demone afkomstig (ITimothéüs 4). Dit is misleidende geeste wat aan die werk is. 'n Jubeljaar — 'n jaar van genade — het aangebreek vir almal en goddelike vryheid word nou aan almal verkondig (Lukas 4: 17-21). Enigiemand kan terugkeer na die HERE en na Sy Woord, om, ná hulle die wil van God volbring het, die vervulling van die belofte kan beleef en sodoende besit van die erfenis kan bekom (Hebreeus 10: 35-38).

Met God se hulp sal ek my kruis opneem — maar nie met die gewig van misverstande nie — totdat ek die kroon van die lewe ontvang. Ek sal die smaad van Christus, die smaad van Broeder Branham en veral my eie smaad dra, totdat ek die Heerlikheid ingaan. Deur my lewensomstandighede, net soos met die meeste van God se diensknegte op aarde, kon ek ook nie daarin slaag om 'n lewe sonder foute te lei nie.


Daarom was en is dit steeds meer belangrik om, soos met al die diensknegte van God, die mense van God die Raad van God met foutlose verkondiging te bedien. Mag God dit toelaat tot my laaste asem! Net soos my HERE en Verlosser van Homself kon sê: *“Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem”* (Joh. 18:37), kan ek ook sê: Ek is deur die dieselfde Woord en dieselfde Gees verwek en wedergebore tot 'n lewende hoop om van dieselfde Waarheid te getuig. Dit is steeds waar dat geen leuen sy oorsprong uit die waarheid het nie (IJoh. 2:21) en dat: *“… hy wat God ken, luister na ons.…”* (IJoh. 4:6) en: *“Die wat uit God is, luister na die woorde van God ...”* (Joh. 8:47). In die begin was die Woord — dieselfde Woord is nou aan die einde. Elke interpretasie en modifikasie is die vergiftigde glans-werk van die duiwel, wat homself dan as 'n engel van die lig voorstel.

Wat God beplan het, sal met die Bruid-gemeente wêreldwyd gebeur: Sy sal die Bruidegom as ‘n voorbereide Bruid ontmoet wanneer Hy kom. Ek lê voor God die vereiste, dat alle siele wat voor die grondlegging van die wêreld georden is om tot die Bruid-gemeente te behoort, almal uit verwarring moet kom, om in lyn te kom met die Woord en in die eenheid van die geloof. Niemand het die reg om hulle langer in die verskillende kampe gevange te hou nie, om hulle langer aan interpretasies te verslaaf nie, maar dat hulle voortaan vry sal wees om slegs te glo dit wat die Skrif sê. Amen!

*“En die Gees en die Bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet …*

*Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, HERE Jesus!”* (Openb. 22: 17-21).

## DANIEL'S SEVENTY WEEKS
as drawn by
Brother William Branham




Broeder Branham het hierdie tekening gebruik toe hy oor die sewentig jaarweke van Daniels gepraat het, en selfs ook toe hy oor die sewe gemeentelike tydperke gepreek het. Niks daaraan was verander nie; dit is ook nie nodig nie, want dit is duidelik en waar.



Broeder Frank tydens 'n preek in die Sending-sentrum in Krefeld, Duitsland, in September, 2006. Die preke word gelyktydig in 12 tale vertaal en kan in 7 tale wêreldwyd gesien en gehoor word.



Foto van die byeenkoms van die eerste naweek van September, 2006, Broeders en sisters van regoor Europa kom maandeliks op die eerste naweek om die Woord van God te hoor. Die geestelike honger is tasbaar, terwyl die geestelike voedsel uitgedeel word.



'n Byeenkoms in Augustus 2006, in Roemenië. In hierdie uitgawe kan ons slegs enkele van die vele foto's publiseer, wat ons van regoor die wêreld het. Die oes is groot.



'n Foto van 'n byeenkoms in Lima, Peru, Oktober 2005